# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 399 | CAPE TOWN, 28 SEPTEMBER 1998 | KAAPSTAD, 28 SEPTEMBER 1998 | No. 19288


OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1211. 28 September 1998

It is hereby notified that the Acting President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 58 of 1998: Ship Registration Act, 1998.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1211. 28 September 1998

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 58 van 1998: Wet op Skeepsregistrasie, 1998.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To provide anew for the registration of ships in the Republic; and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the Acting President.)*
*(Assented to 16 September 1998.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

## ARRANGEMENT OF SECTIONS

*Section*

1. Definitions

CHAPTER 1

APPLICATION OF ACT

2. Application of Act

CHAPTER 2

SOUTH AFRICAN SHIPS

3. South African ships
4. National Flag
5. Offences relating to South African character of ship
6. Declaration of ship's nationality before clearance

CHAPTER 3

REGISTRAR AND REGISTRATION OFFICE

7. Registration Office
8. Registrar and Deputy Registrars of Ships
9. Appointment of Registrar and Deputy Registrars
10. Powers and duties of Registrar
11. Acting Registrar or Deputy Registrar
12. Appointment of staff
13. Limitation of liability
14. Seal of Registration Office and signature of Registrar

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

# WET

**Om opnuut voorsiening te maak vir die registrasie van skepe in die Republiek; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Waarnemende President geteken.)*
*(Goedgekeur op 16 September 1998.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## INDELING VAN ARTIKELS

*Artikel*

1. Woordomskrywing

**HOOFSTUK 1**

**TOEPASSING VAN WET**

2. Toepassing van Wet

**HOOFSTUK 2**

**SUID-AFRIKAANSE SKEPE**

3. Suid-Afrikaanse skepe
4. Nasionale Vlag
5. Misdrywe met betrekking tot Suid-Afrikaanse aard van skip
6. Verklaring van skip se nasionaliteit voor uitklaring

**HOOFSTUK 3**

**REGISTRATEUR EN REGISTRASIEKANTOOR**

7. Registrasiekantoor
8. Registrateur en Adjunkregistrateurs van Skepe
9. Aanstelling van Registrateur en Adjunkregistrateurs
10. Bevoegdhede en pligte van Registrateur
11. Waarnemende Registrateur of Adjunkregistrateur
12. Aanstelling van personeel
13. Beperking van aanspreeklikheid
14. Seël van Registrasiekantoor en handtekening van Registrateur

## CHAPTER 4

## REGISTRATION OF SOUTH AFRICAN SHIPS

### *Part 1*

### *Registration*

15. Registration of property in ships
16. Ships entitled to be registered
17. Inspection and tonnage measurement of ship before registration
18. Refusal of registration
19. Prohibition on dual registration

### *Part 2*

### *Identification*

20. Marking of ship
21. Name of registered ship and change of name
22. Power of Minister to disallow proposed name for ship

### *Part 3*

### *Registration certificates*

23. Registration certificate
24. Status and custody of registration certificate
25. New certificate and provisional certificate
26. Provisional certificate for ship becoming entitled to be registered while abroad
27. Provisional certificate issued by Registrar
28. Provisional certificate not to be issued in certain circumstances
29. Temporary pass
30. Improper use of certificate

## CHAPTER 5

## PRIVATE LAW PROVISIONS

31. Private law matters
32. Liability of person with beneficial interest

## CHAPTER 6

## THE REGISTER

33. South African Ships Register
34. Access to Register
35. Obsolete or incorrect entries in Register
36. Correction of clerical errors in Register
37. Rectification of Register
38. False entries in Register

## CHAPTER 7

## GENERAL PROVISIONS

39. Interpretation
40. Registered agent
41. Alterations to ship
42. Ship lost or ceasing to be entitled to be registered
43. Power to remove ship from Register

## HOOFSTUK 4

## REGISTRASIE VAN SUID-AFRIKAANSE SKEPE

### *Deel 1*

### *Registrasie*

15. Registrasie van eiendomsreg in skepe
16. Skepe geregtig om geregistreer te word
17. Inspeksie en tonnemaat van skip voor registrasie
18. Weiering van registrasie
19. Verbod op dubbelregistrasie

### *Deel 2*

### *Identifikasie*

20. Merk van skip
21. Naam van geregistreerde skip en verandering van naam
22. Bevoegdheid van Minister om voorgestelde naam van skip af te keur

### *Deel 3*

### *Registrasiesertifikate*

23. Registrasiesertifikaat
24. Status en bewaring van registrasiesertifikaat
25. Nuwe sertifikaat en voorlopige sertifikaat
26. Voorlopige sertifikaat vir skip wat geregtig word om geregistreer te word terwyl in buiteland
27. Voorlopige sertifikaat deur Registrateur uitgereik
28. Voorlopige sertifikaat word in sekere omstandighede nie uitgereik nie
29. Tydelike pas
30. Onbehoorlike gebruik van sertifikaat

## HOOFSTUK 5

## PRIVAATREGBEPALINGS

31. Privaatregaangeleenthede
32. Aanspreeklikheid van persoon met voordelige belang

## HOOFSTUK 6

## DIE REGISTER

33. Suid-Afrikaanse Skeepsregister
34. Insae in Register
35. Verouderde of onjuiste inskrywings in Register
36. Aansuiwering van skryffoute in Register
37. Regstelling van Register
38. Vals inskrywings in Register

## HOOFSTUK 7

## ALGEMENE BEPALINGS

39. Uitleg
40. Geregistreerde agent
41. Veranderings aan skip
42. Skip verlore of nie langer geregtig op registrasie
43. Bevoegdheid om skip van Register te verwyder

44. Unregistered ship entitled to be registered not to leave Republic
45. Unregistered ship entitled to be registered not to leave foreign port
46. Effects of non-registration
47. Notice to consular representative
48. Forfeiture
49. Detention of ships
50. Co-operation with officers
51. False statements
52. Offences and penalties
53. Administrative penalty on admission of guilt
54. Admissibility of documentary evidence
55. Jurisdiction
56. Regulations
57. Charges
58. Exemption from stamp duty
59. Delegation of powers
60. Repeal and amendment of laws
61. Transitional provisions
62. Short title and commencement

*Schedules*

1. Private law provisions for registered ships
2. Amendment of laws
3. Transitional provisions

**Definitions**

**1.** (1) In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "Authority" means the South African Maritime Safety Authority established by section 2(1) of the South African Maritime Safety Authority Act, 1998; (xx)

(ii) "bareboat charter", in relation to a ship, means the charter of the ship for a fixed period on terms that give the charterer possession and control of the ship, including the right to appoint the master and crew; (xix)

(iii) "beneficial interest" includes any interest in a ship arising under contract, testamentary disposition or otherwise, but does not include any interest held by way of a mortgage; (xl)

(iv) "branch office" means a branch office of the Registration Office; (xxxv)

(v) "charge" means any charge contemplated in section 57; (vii)

(vi) "clearance" includes any clearance or transire referred to in the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964); (xxxvii)

(vii) "court" means a competent court having jurisdiction; (xiii)

(viii) "customs officer" means an officer as defined in section 1 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964); (v)

(ix) "Deputy Registrar" means a Deputy Registrar of Ships referred to in section 8(2); (ii)

(x) "fishing vessel" means a fishing vessel as defined in section 1 of the Marine Living Resources Act, 1998 (Act No. 18 of 1998); (xxxix)

(xi) "foreign port" means any place in another state, whether proclaimed a public harbour or not, to which ships may resort for shelter or to ship or unship goods or passengers; (xliii)

(xii) "lodged" means lodged with the Registrar in terms of this Act; (xiv)

(xiii) "master" means the person having lawful command or charge, or for the time being in charge, of a ship, but does not include a pilot aboard a ship solely for the purpose of providing navigational assistance; (x)

(xiv) "Merchant Shipping Act, 1951" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951); (xi)

(xv) "Minister" means the Minister of Transport; (xvi)

(xvi) "mortgage" means a mortgage registered in terms of item 9 of Schedule 1; (xxxviii)

(xvii) "National Flag" means the national flag of the Republic in terms of section 5 of the Constitution; (xvii)

44. Ongeregistreerde skip geregtig om geregistreer te word mag Republiek nie verlaat
45. Ongeregistreerde skip geregtig om geregistreer te word mag vreemde hawe nie verlaat
46. Gevolge van nie-registrasie
47. Kennisgewing aan konsulêre verteenwoordiger
48. Beslaglegging
49. Aanhouding van skepe
50. Samewerking met beamptes
51. Vals verklarings
52. Misdrywe en strawwe
53. Administratiewe boete by erkenning van skuld
54. Toelaatbaarheid van dokumentêre getuienis
55. Regsbevoegdheid
56. Regulasies
57. Gelde
58. Vrystelling van seëlregte
59. Delegering van bevoegdhede
60. Herroeping en wysiging van wette
61. Oorgangsbepalings
62. Kort titel en inwerkingtreding

*Bylaes*

1. Privaatregbepalings vir geregistreerde skepe
2. Wysiging van wette
3. Oorgangsbepalings

**Woordomskrywing**

**1.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "aandeel", met betrekking tot 'n skip, een van die aandele waarin die eiendomsreg van die skip ingevolge artikel 15 verdeel word; (xxxii)

(ii) "Adjunkregistrateur" 'n Adjunkregistrateur van Skepe in artikel 8(2) bedoel; (ix)

(iii) "beampte", behalwe soos in artikel 48 bepaal, 'n persoon, met inbegrip van die Minister, wat ingevolge hierdie Wet bevoegdhede uitoefen of pligte verrig; (xviii)

(iv) "bevoegde beampte" 'n bevoegde beampte soos omskryf in artikel 2(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951; (xxiii)

(v) "doeanebeampte" 'n beampte soos omskryf in artikel 1 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964); (viii)

(vi) "eienaar", behalwe soos in artikel 39 bepaal, die geregistreerde eienaar; (xx)

(vii) "gelde" enige gelde in artikel 57 beoog; (v)

(viii) "geregistreer" behalwe met verwysing na die reg van 'n ander staat, ingevolge hierdie Wet geregistreer of geag word of geag moet word geregistreer te wees; (xxvi)

(ix) "geregistreerde agent", met betrekking tot 'n skip, die persoon wie se naam en adres in die register ten opsigte van die skip ingevolge artikel 40 aangeteken is; (xxvii)

(x) "gesagvoerder" die persoon wat tydelik of op 'n permanente grondslag in wettige bevel van 'n skip is, maar uitgesonderd 'n loods aan boord van 'n skip wat bloot teenwoordig is om 'n navigasiehulp te verleen; (xiii)

(xi) "Handelskeepvaartwet, 1951" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951); (xiv)

(xii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xliii)

(xiii) "hof" 'n bevoegde hof met regsbevoegdheid; (vii)

(xiv) "ingedien" by die Registrateur ingevolge hierdie Wet ingedien; (xii)

(xv) "klein vaartuig" 'n vaartuig van minder as 25 bruto ton en meer as drie meter lank; (xxxvi)

(xvi) "Minister" die Minister van Vervoer; (xv)

(xvii) "Nasionale Vlag" die nasionale vlag van die Republiek ingevolge artikel 5 van die Grondwet; (xvii)

(xviii) "officer", except as provided in section 48, means a person, including the Minister, exercising powers or performing duties in terms of this Act; (iii)

(xix) "organ of state", means an organ of state as defined in section 239 of the Constitution; (xxx)

(xx) "owner", except as provided in section 39, means the registered owner; (vi)

(xxi) "person" includes a trust; (xxi)

(xxii) "prescribed" means prescribed under regulations; (xli)

(xxiii) "proper officer" means a proper officer as defined in section 2(1) of the Merchant Shipping Act, 1951; (iv)

(xxiv) "provisional registration certificate" means a provisional registration certificate issued in terms of section 25, 26 or 27; (xlii)

(xxv) "Register" means the South African Ships Register, established by section 33; (xxii)

(xxvi) "registered", except with reference to the law of another state, means registered or deemed to be or regarded as registered in terms of this Act; (viii)

(xxvii) "registered agent", in relation to a ship, means the person whose name and address are entered in the Register in respect of the ship in terms of section 40; (ix)

(xxviii) "Registrar" means the Registrar of Ships referred to in section 8(1); (xxv)

(xxix) "registration certificate", except as provided in section 24, means a registration certificate issued in terms of this Act, but does not include a provisional registration certificate; (xxiv)

(xxx) "Registration Office" means the South African Ship Registration Office, established by section 7; (xxiii)

(xxxi) "regulation" means a regulation made under section 56; (xxvi)

(xxxii) "share", in relation to a ship, means one of the shares into which the property right in the ship is divided in terms of section 15; (i)

(xxxiii) "ship" means any type of vessel capable of navigation by water, including—

*(a)* a barge, lighter or other floating vessel;

*(b)* a structure that is able to float or be floated and is able to move or be moved as an entity from one place to another; and

*(c)* a dynamically supported craft as defined in section 2(1) of the Merchant Shipping Act, 1951,

and includes all gear, equipment, stores, cargo and fuel aboard the ship, and any article belonging to or to be used in connection with or necessary for the operation and safety of the ship; (xxviii)

(xxxiv) "ship entitled to be registered" means a ship entitled to be registered in terms of section 16; (xxix)

(xxxv) "Shipping Acts" means the Merchant Shipping Act, 1951, the Marine Traffic Act, 1981 (Act No. 2 of 1981), the Marine Pollution (Control and Civil Liability) Act, 1981 (Act No. 6 of 1981), the Marine Pollution (Prevention of Pollution from Ships) Act, 1986 (Act No. 2 of 1986), the Marine Pollution (Intervention) Act, 1987 (Act No. 64 of 1987), and this Act; (xxvii)

(xxxvi) "small vessel" means a vessel of less then 25 gross tons and of more than three metres in length; (xv)

(xxxvii) "South African Maritime Safety Authority Act, 1998" means the South African Maritime Safety Authority Act, 1998 (Act No. 5 of 1998); (xliv)

(xxxviii) "South African national" means—

*(a)* a South African citizen in terms of the South African Citizenship Act, 1995 (Act No. 88 of 1995);

*(b)* a body corporate established in terms of a law of the Republic with a place of business in the Republic;

*(c)* a trust in which—

(i) the majority of trustees having the controlling power at any given time are South African nationals referred to in paragraphs *(a)* and *(b)*; and

(ii) a majority of the beneficial interests are held by such South African nationals; and

*(d)* the Government of the Republic; (xxxiii)

(xviii) "ongeregistreer", met betrekking tot 'n skip, nie ingevolge hierdie Wet of ingevolge die reg van 'n ander staat geregistreer nie; (xliv)

(xix) "oorgangshuur", met betrekking tot 'n skip, die huur van die skip vir 'n vasgestelde tydperk op voorwaardes wat aan die huurder besit en beheer van die skip verleen, met inbegrip van die reg om die gesagvoerder en bemanning aan te stel; (ii)

(xx) "Owerheid" die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid by artikel 2(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, ingestel; (i)

(xxi) "persoon" ook 'n trust; (xxi)

(xxii) "Register" die Suid-Afrikaanse Skeepsregister, by artikel 33 ingestel; (xxv)

(xxiii) "Registrasiekantoor" die Suid-Afrikaanse Skeepsregistrasiekantoor, by artikel 7 ingestel; (xxx)

(xxiv) "registrasiesertifikaat", behalwe soos in artikel 24 bepaal, 'n registrasiesertifikaat ingevolge hierdie Wet uitgereik, maar nie ook 'n voorlopige registrasiesertifikaat nie; (xxix)

(xxv) "Registrateur" die Registrateur van Skepe in artikel 8(1) bedoel; (xxviii)

(xxvi) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 56 uitgevaardig; (xxxi)

(xxvii) "Skeepswette" die Handelskeepvaartwet, 1951, die Wet op Seeverkeer, 1981 (Wet No. 2 van 1981), die Wet op Mariene Besoedeling (Beheer en Siviele Aanspreeklikheid), 1981 (Wet No. 6 van 1981), die Wet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 1986 (Wet No. 2 van 1986), en die Wet op Mariene Besoedeling (Intervensie), 1987 (Wet No. 64 van 1987), en hierdie Wet; (xxxv)

(xxviii) "skip" enige tipe vaartuig wat geskik is vir navigasie deur water, met inbegrip van—

*(a)* 'n vragskuit, 'n ligter of 'n ander drywende vaartuig;

*(b)* 'n struktuur wat in staat is om te dryf of gedryf kan word en wat in staat is om te beweeg of beweeg kan word as 'n eenheid vanaf een plek na 'n ander plek; en

*(c)* 'n dinamies gesteunde vaartuig soos omskryf in artikel 2(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951,

met inbegrip van alle tuig, toerusting, voorraad, vrag en brandstof aan boord van die skip, asook enige voorwerp behorende aan of om gebruik te word in verband met of noodsaaklik vir die werking en veiligheid van die skip; (xxxiii)

(xxix) "skip wat geregtig is om geregistreer te word" 'n skip wat ingevolge artikel 16 geregtig is om geregistreer te word; (xxxiv)

(xxx) "staatsorgaan" 'n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet; (xix)

(xxxi) "Suid-Afrikaanse hawe" 'n hawe of vissershawe of enige plek in die Republiek wat kragtens enige wet aangewys is as 'n plek vanwaar enige skip of enige skip van 'n besondere tipe te water gelaat, op die strand gesleep, geanker of vasgemeer mag word; (xxxix)

(xxxii) "Suid-Afrikaanse inwoner"—

*(a)* 'n natuurlike persoon wie se permanente woonplek in die Republiek is, ongeag of hy of sy van tyd tot tyd tydelik uit die Republiek afwesig is;

*(b)* 'n natuurlike persoon wie se domisilie in die Republiek is, tensy sy of haar permanente woonplek buite die Republiek is;

*(c)* 'n regspersoon, waar ook al ingelyf, wat sy hoofbesigheidsplek in die Republiek het; en

*(d)* 'n trust waarvan—

(i) die meerderheid van die trustees wat die beherende bevoegdheid het op enige tydstip Suid-Afrikaanse inwoners bedoel in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* is; en

(ii) die voordele merendeels sodanige Suid-Afrikaanse onderdane toeval; (xl)

(xxxiii) "Suid-Afrikaanse onderdaan"—

*(a)* 'n Suid-Afrikaanse burger ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1995 (Wet No. 88 van 1995);

*(b)* 'n regspersoon ingevolge 'n wet van die Republiek ingestel met 'n besigheidsplek in die Republiek;

*(c)* 'n trust waarvan—

(xxxix) "South African port" means a harbour or a fishing harbour or any place in the Republic that has been designated under any law as a place from or at which any ship or any ship of a particular type may be launched, beached, moored or berthed; (xxxi)

(xl) "South African resident" means—

*(a)* a natural person whose permanent place of abode is in the Republic, whether or not he or she is from time to time temporarily absent from the Republic;

*(b)* a natural person whose domicile is in the Republic, unless his or her permanent place of abode is outside the Republic;

*(c)* a body corporate, wherever incorporated, that has its principal place of business in the Republic; and

*(d)* a trust in which—

(i) the majority of trustees having the controlling power at any given time are South African residents referred to in paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)*; and

(ii) a majority of the beneficial interests are held by such South African residents; (xxxii)

(xli) "South African ship" means a ship having South African nationality in terms of section 3; (xxxiv)

(xlii) "temporary pass" means a temporary pass issued in terms of section 29; (xxxvi)

(xliii) "this Act" includes the regulations; (xii)

(xliv) "unregistered", in relation to a ship, means not registered in terms of this Act or in terms of the law of another state. (xviii)

(2) In this Act, unless the context indicates otherwise, a reference to the owner of a ship is, if the ship has more than one owner, a reference to each of the owners.

(3) A reference in this Act to failing to do an act or thing includes a refusal to do that act or thing.

(4) A reference in this Act to a South African-owned ship is a reference to—

*(a)* a fishing vessel that is owned, or owned and controlled, as provided in the definition of local fishing vessel in section 1 of the Marine Living Resources Act, 1998 (Act No. 18 of 1998); or

*(b)* any other ship, other than a fishing vessel, that—

(i) is wholly owned by one or more South African nationals;

(ii) is owned by three or more persons as joint owners of the ship, where the majority of those persons are South African nationals; or

(iii) is owned by two or more persons as owners in common, where the majority of the shares in the ship are owned by South African nationals.

(5) For the purposes of subsection (4)*(b)*(iii), where two or more persons are joint owners of a share or shares in a ship—

*(a)* in the case of two or more particular shares that are owned by the same persons, the interest of each owner in the shares is ascertained by dividing the number of the shares by the number of the owners of the shares; or

*(b)* in the case of a share to which paragraph *(a)* does not apply, the interest of each owner in the share is ascertained by dividing the number one by the number of the owners of the share,

and, if the sum of the interests so ascertained in respect of all jointly-owned shares in the ship as being the interests of South African nationals is a whole number or a whole number and a fraction, the number of those shares that are equal to that whole number is deemed to be owned by South African nationals.

(6) A reference in this Act to a ship on bareboat charter to a South African national is a reference to a ship that—

*(a)* is registered in terms of the law of another state;

*(b)* is not a prescribed ship or a ship of a prescribed class or description; and

(i) die meerderheid van die trustees wat die beherende bevoegdheid het op enige tydstip Suid-Afrikaanse onderdane bedoel in paragrawe *(a)* en *(b)* is; en

(ii) die voordele merendeels sodanige Suid-Afrikaanse onderdane toeval; en

*(d)* die Regering van die Republiek; (xxxviii)

(xxxiv) "Suid-Afrikaanse skip" 'n skip wat ingevolge artikel 3 Suid-Afrikaanse nasionaliteit het; (xli)

(xxxv) "takkantoor" 'n takkantoor van die Registrasiekantoor; (iv)

(xxxvi) "tydelike pas" 'n tydelike pas ingevolge artikel 29 uitgereik; (xlii)

(xxxvii) "uitklaringsbewys" ook enige uitklaring of geleibiljet in die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), bedoel; (vi)

(xxxviii) "verband" 'n verband ingevolge item 9 van Bylae 1 geregistreer; (xvi)

(xxxix) "vissersboot" 'n vissersboot soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998 (Wet No. 18 van 1998); (x)

(xl) "voordelige belang" ook enige belang in 'n skip wat ontstaan kragtens 'n ooreenkoms, testamentêre bemaking of andersins, maar nie ook 'n belang wat by wyse van 'n verband gehou word nie; (iii)

(xli) "voorgeskryf" kragtens regulasies voorgeskryf; (xxii)

(xlii) "voorlopige registrasiesertifikaat" 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge artikel 25, 26 of 27 uitgereik; (xxiv)

(xliii) "vreemde hawe" enige plek in 'n ander staat, ongeag of dit as 'n openbare hawe geproklameer is al dan nie, waarheen skepe vir skuiling kan gaan of om goedere of passasiers te laai of af te laai; (xi)

(xliv) "Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998" die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998 (Wet No. 5 van 1998). (xxxvii)

(2) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, is 'n verwysing na die eienaar van 'n skip, indien die skip meer as een eienaar het, 'n verwysing na elke eienaar.

(3) 'n Verwysing in hierdie Wet na 'n versuim om 'n handeling of iets te doen, sluit in om te weier om daardie handeling of iets te doen.

(4) 'n Verwysing in hierdie Wet na 'n skip in Suid-Afrikaanse besit is 'n verwysing na—

*(a)* 'n vissersboot wat besit, of besit en beheer word, soos bepaal in die omskrywing van plaaslike vissersboot in artikel 1 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998 (Wet No. 18 van 1998); of

*(b)* enige ander skip wat nie 'n vissersboot is nie en wat—

(i) in die geheel deur een of meer Suid-Afrikaanse onderdane besit word;

(ii) deur drie of meer persone as mede-eienaars van die skip besit word, waar die meerderheid van daardie persone Suid-Afrikaanse onderdane is; of

(iii) deur twee of meer persone as gemeenskaplike eienaars van die aandele in die skip besit word, waar die meerderheid van die aandele in die skip deur Suid-Afrikaanse onderdane besit word.

(5) Vir die doeleindes van subartikel (4)*(b)*(iii), waar twee of meer persone mede-eienaars van 'n aandeel of aandele in 'n skip is, word—

*(a)* in die geval van twee of meer spesifieke aandele wat deur dieselfde persone besit word, die belang van elke eienaar in die aandele bepaal deur die getal aandele deur die getal eienaars van die aandele te deel; en

*(b)* in die geval van 'n aandeel waarop paragraaf *(a)* nie van toepassing is nie, die belang van elke eienaar in die aandeel bepaal deur die getal een deur die getal eienaars van die aandeel te deel,

en, indien die som van die belange wat so bepaal is ten opsigte van al die aandele in die skip wat gemeenskaplik besit word as synde die belange van Suid-Afrikaanse onderdane 'n heelgetal is of 'n heelgetal en 'n breukdeel is, word die getal van daardie aandele wat gelyk is aan daardie heelgetal, geag deur Suid-Afrikaanse onderdane besit te wees.

(6) 'n Verwysing in hierdie Wet na 'n skip op oorgangshuur aan 'n Suid-Afrikaanse onderdaan, is 'n verwysing na 'n skip wat—

*(a)* ingevolge die reg van 'n ander staat geregistreer is;

*(b)* nie 'n voorgeskrewe skip of 'n skip van 'n voorgeskrewe klas of beskrywing is nie; en

*(c)* is on bareboat charter to one or more South African nationals, and to no other person.

(7) In the application of this Act, a ship is deemed to be constructively lost if—

*(a)* the ship is reasonably abandoned for the reason that its actual total loss appears to be unavoidable;

*(b)* the ship cannot be preserved from actual total loss without an expenditure that would exceed its value when the expenditure has been incurred; or

*(c)* the ship has been damaged to the extent that the cost of repairing the damage would exceed its value when repaired.

## CHAPTER 1

## APPLICATION OF ACT

**Application of Act**

**2.** (1) This Act applies—

*(a)* in the territory of the Republic, and has extraterritorial application regardless whether the territory of another state is involved; and

*(b)* to the Prince Edward Islands referred to in section 1 of the Prince Edward Islands Act, 1948 (Act No. 43 of 1948),

but does not apply to ships belonging to the South African National Defence Force or to a naval, military or air force of another state.

(2) Subject to subsection (1), this Act binds the State and all organs of state.

## CHAPTER 2

## SOUTH AFRICAN SHIPS

**South African ships**

**3.** The following ships are South African ships and have South African nationality:

*(a)* Registered ships; and

*(b)* unregistered ships, being ships entitled to be registered in terms of section 16*(a)* or *(b)*.

**National Flag**

**4.** (1) Every South African ship is entitled to fly the National Flag, without any defacement or modification.

(2) The master of a South African ship must cause the National Flag to be hoisted—

*(a)* on a signal being made to the ship by any ship in the naval service of the Republic;

*(b)* on entering or leaving any foreign port; and

*(c)* if the ship is of 50 or more gross tons, on entering or leaving any South African port.

(3) No person on board a South African ship may hoist—

*(a)* any distinctive national colours except the National Flag;

*(b)* any colours usually worn by ships in the naval service of the Republic or colours resembling such colours; or

*(c)* any pennant usually carried by ships in the naval service of the Republic or any pennant resembling such pennant.

(4) Any owner of a South African ship who permits anything to be done on board the ship that is an offence in terms of subsection (3), is guilty of an offence.

(5) On application in the prescribed manner by the owner of a ship contemplated in section 3*(b)*, the Registrar must issue a certificate to that owner stating that the ship is entitled to fly the National Flag in terms of this section.

(*c*) op oorgangshuur aan een of meer Suid-Afrikaanse onderdane is, en aan niemand anders nie.

(7) By die toepassing van hierdie Wet, word 'n skip as konstruktief verlore geag indien—

(*a*) die skip redelikerwys verlaat is omrede die werklike totale verlies daarvan onvermydelik voorkom;

(*b*) die skip nie van werklike totale verlies gered kan word nie sonder onkoste wat die skip se waarde na die aangaan van die onkoste sal oorskry; of

(*c*) die skip so beskadig is dat die koste om die skade te herstel die skip se waarde na herstel sal oorskry.

## HOOFSTUK 1

## TOEPASSING VAN WET

### Toepassing van Wet

**2.** (1) Hierdie Wet is van toepassing—

(*a*) in die grondgebied van die Republiek, en het ekstra-territoriale werking ongeag of die grondgebied van 'n ander staat betrokke is; en

(*b*) op die Prins Edward-eilande bedoel in artikel 1 van die Prins Edward-eilande Wet, 1948 (Wet No. 43 van 1948),

maar is nie van toepassing nie op skepe wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag of aan die vloot, militêre of lugmag van 'n ander staat behoort.

(2) Behoudens subartikel (1) bind hierdie Wet die Staat en alle staatsorgane.

## HOOFSTUK 2

## SUID-AFRIKAANSE SKEPE

### Suid-Afrikaanse skepe

**3.** Die volgende skepe is Suid-Afrikaanse skepe en het Suid-Afrikaanse nasionaliteit:

(*a*) Geregistreerde skepe; en

(*b*) ongeregistreerde skepe wat skepe is wat geregtig is om ingevolge artikel 16*(a)* of *(b)* geregistreer te word.

### Nasionale Vlag

**4.** (1) Elke Suid-Afrikaanse skip is geregtig om die Nasionale Vlag van die Republiek te voer sonder enige ontsiering of verandering.

(2) Die gesagvoerder van 'n Suid-Afrikaanse skip moet die Nasionale Vlag laat hys—

(*a*) wanneer 'n sein aan die skip gegee word deur 'n skip in die vlootmagte van die Republiek;

(*b*) by die skip se aankoms in of vertrek uit 'n vreemde hawe; en

(*c*) in die geval van 'n skip van 50 of meer ton bruto tonnemaat, by aankoms in of vertrek uit 'n Suid-Afrikaanse hawe.

(3) Geen persoon aan boord van 'n Suid-Afrikaanse skip mag—

(*a*) 'n onderskeidende landsvlag behalwe die Nasionale Vlag;

(*b*) 'n vlag wat gewoonlik deur skepe in die vlootmagte van die Republiek gebruik word of 'n vlag wat soos daardie vlag lyk; of

(*c*) 'n wimpel wat gewoonlik deur skepe in die vlootmagte van die Republiek gebruik word of 'n wimpel wat soos daardie wimpel lyk,

hys nie.

(4) Enige eienaar van 'n Suid-Afrikaanse skip wat toelaat dat enigiets aan boord van die skip gedoen word wat 'n misdryf ingevolge subartikel (3) is, is skuldig aan 'n misdryf.

(5) By aansoek op die voorgeskrewe wyse deur die eienaar van 'n skip beoog in artikel 3*(b)*, moet die Registrateur aan daardie eienaar 'n sertifikaat uitreik waarin daar verklaar word dat die skip geregtig is om die Nasionale Vlag ingevolge hierdie artikel te voer.

**Offences relating to South African character of ship**

**5.** (1) Subject to subsection (2), if the master or owner of a ship that is not a South African ship does anything, or permits anything to be done, to cause the ship to appear to be a South African ship, that ship is subject to forfeiture in terms of this Act, and the master or owner, as the case may be, is guilty of an offence.

(2) Subsection (1) does not apply—

*(a)* where the assumption of South African nationality has been made for the purpose of escaping capture by an enemy or by a foreign ship of war in the exercise of some belligerent right; or

*(b)* in respect of any prescribed mark displayed on a ship within a period of 14 days after the date of termination of that ship's registration in terms of any provision of this Act.

(3) If the master or owner of a South African ship does anything, or permits anything to be done, for the purpose of—

*(a)* concealing the nationality of the ship from any person entitled by law to inquire into the nationality of the ship;

*(b)* deceiving a person contemplated in paragraph *(a)*; or

*(c)* causing the ship to appear not to be a South African ship,

that ship is subject to forfeiture in terms of this Act, and the master or owner, as the case may be, is guilty of an offence.

(4) Without prejudice to the generality of subsections (1) and (3), those subsections apply in particular to acts or deliberate omissions relating to—

*(a)* the flying of a national flag;

*(b)* the carrying or production of registration certificates or other documents relating to the nationality of a ship; and

*(c)* the display of marks required by the law of any state.

**Declaration of ship's nationality before clearance**

**6.** (1) A customs officer may not grant a clearance in respect of any ship until the master of the ship has declared to that officer the nationality of the ship, which declaration the officer must record on the clearance certificate.

(2) A ship that attempts to proceed to sea without a clearance contemplated in subsection (1) may be detained by a customs officer or an officer referred to in section 48(1) until the relevant declaration is made.

## CHAPTER 3

## REGISTRAR AND REGISTRATION OFFICE

**Registration Office**

**7.** (1) The South African Ship Registration Office is hereby established.

(2) The Authority may establish branch offices of the Registration Office.

(3) The Registration Office and its branch offices are at the respective places in the Republic that the Authority may determine.

**Registrar and Deputy Registrars of Ships**

**8.** (1) There must be an officer for the Republic, called the Registrar of Ships, who, subject to the directions of the Authority, is responsible for the maintenance of the Register and has chief control of the Registration Office.

(2) There may be appointed Deputy Registrars of Ships, the number of which may be determined by the Authority, who, subject to the directions of the Registrar, have all the powers and duties conferred on the Registrar by this Act, except the power of delegation in terms of section 59.

**Misdrywe met betrekking tot Suid-Afrikaanse aard van skip**

**5.** (1) Behoudens subartikel (2), indien die gesagvoerder of eienaar van 'n skip wat nie 'n Suid-Afrikaanse skip is nie, enigiets doen of toelaat dat enigiets gedoen word ten einde die skip na 'n Suid-Afrikaanse skip te laat lyk, is daardie skip vatbaar vir verbeurdverklaring ingevolge hierdie Wet, en die gesagvoerder of eienaar, na gelang van die geval, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie—

*(a)* waar die toe-eiening van Suid-Afrikaanse nasionaliteit gedoen is ten einde gevangeneming deur 'n vyand of deur 'n vreemde oorlogskip ter uitvoering van 'n oorlogvoerende reg, te ontsnap; of

*(b)* ten opsigte van enige voorgeskrewe merk wat op 'n skip vertoon word binne 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van beëindiging van die registrasie van daardie skip ingevolge enige bepaling van hierdie Wet.

(3) Indien die gesagvoerder of eienaar van 'n Suid-Afrikaanse skip enigiets doen, of toelaat dat enigiets gedoen word, ten einde—

*(a)* die nasionaliteit van die skip te verberg van 'n persoon wat regtens bevoeg is om na die nasionaliteit van die skip ondersoek in te stel;

*(b)* 'n persoon in paragraaf *(a)* beoog, te mislei; of

*(c)* die skip te laat lyk asof dit nie 'n Suid-Afrikaanse skip is nie,

is daardie skip vatbaar vir verbeurdverklaring ingevolge hierdie Wet en die gesagvoerder of eienaar, na gelang van die geval, is skuldig aan 'n misdryf.

(4) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van subartikels (1) en (3), is daardie subartikels in besonder van toepassing op handelinge of opsetlike versuime wat verband hou met—

*(a)* die voer van 'n nasionale vlag;

*(b)* die gebruik of voorlegging van registrasiesertifikate of ander dokumente in verband met die nasionaliteit van 'n skip; en

*(c)* die vertoon van merke wat deur die reg van enige staat vereis word.

**Verklaring van skip se nasionaliteit voor uitklaring**

**6.** (1) 'n Doeanebeampte mag nie 'n uitklaringsbewys ten opsigte van 'n skip verleen alvorens die gesagvoerder van die skip aan daardie beampte die nasionaliteit van die skip verklaar het nie, welke verklaring daardie beampte op die uitklaringsbewys moet aanteken.

(2) 'n Skip wat poog om ter see te gaan sonder 'n uitklaringsbewys in subartikel (1) beoog, kan deur 'n doeanebeampte of 'n beampte bedoel in artikel 48(1) aangehou word totdat die betrokke verklaring gedoen is.

## HOOFSTUK 3

## REGISTRATEUR EN REGISTRASIEKANTOOR

**Registrasiekantoor**

**7.** (1) Die Suid-Afrikaanse Skeepsregistrasiekantoor word hierby ingestel.

(2) Die Owerheid kan takkantore vir die Registrasiekantoor instel.

(3) Die Registrasiekantoor en takkantore is by die onderskeie plekke in die Republiek wat die Owerheid mag bepaal.

**Registrateur en Adjunkregistrateurs van Skepe**

**8.** (1) Daar moet 'n beampte vir die Republiek wees, genoem die Registrateur van Skepe, wat, behoudens die voorskrifte van die Owerheid, verantwoordelik is vir die instandhouding van die Register en hoofbeheer oor die Registrasiekantoor het.

(2) Daar kan die getal Adjunkregistrateurs van Skepe aangestel word wat die Owerheid bepaal, en wat, behoudens die voorskrifte van die Registrateur, al die bevoegdhede en pligte het by hierdie Wet aan die Registrateur verleen, behalwe die bevoegdheid van delegering ingevolge artikel 59.

**Appointment of Registrar and Deputy Registrars**

**9.** The Registrar and Deputy Registrars must be appointed by the Minister from the staff of the Authority appointed in terms of section 27 of the South African Maritime Safety Authority Act, 1998.

**Powers and duties of Registrar**

**10.** (1) The Registrar may do all things necessary or convenient to be done for or in connection with, or incidental to, the exercise of his or her powers in terms of this Act or any other law, including, but without prejudice to the generality of the foregoing, powers that may be prescribed for and in relation to requiring the furnishing of information and documents, as well as the delivery of certificates and other documents granted or issued in terms of this Act.

(2) In addition to any other duty imposed by this Act or any other law, the Registrar must maintain the Register and must for that purpose—

*(a)* receive and record all information and documents required or permitted to be lodged with the Registrar in terms of this Act;

*(b)* grant, issue, vary or revoke the certificates and other documents that are required or permitted to be granted or issued in terms of this Act; and

*(c)* issue copies of and extracts from—

(i) any certificate or other document contemplated in paragraph *(b)*; and

(ii) any entry in the Register.

**Acting Registrar or Deputy Registrar**

**11.** (1) The Authority may appoint a member of its staff to act as Registrar or Deputy Registrar—

*(a)* during a vacancy in the office of Registrar or Deputy Registrar, as the case may be, whether or not an appointment has previously been made to that office; or

*(b)* during any period when the Registrar or a Deputy Registrar, as the case may be, is absent from duty or from the Republic or is, for any other reason, unable to perform the functions of his or her office.

(2) An appointment of a person under subsection (1)—

*(a)* may provide that it has effect only in the circumstances that are determined in the instrument of appointment; and

*(b)* may be terminated at any time.

(3) If an office becomes vacant while a person is acting in it in terms of subsection (1)*(b)*, that person may, subject to subsection (2), continue to act in that office until the Authority directs otherwise or the vacancy is filled.

(4) A duly appointed acting Registrar or acting Deputy Registrar may exercise all the powers and must perform all the duties of the Registrar or a Deputy Registrar, as the case may be, in terms of this Act or any other law.

(5) The validity of anything done by a person purporting to act in terms of this section may not be called in question on the ground—

*(a)* that the occasion of his or her appointment had not arisen;

*(b)* that there is a defect or irregularity in or in connection with his or her appointment;

*(c)* that the appointment had ceased to have effect; or

*(d)* that the occasion for him or her to act had not arisen or had ceased.

**Appointment of staff**

**12.** The Authority may appoint the necessary staff for the Registration Office or any branch office from its staff appointed in terms of section 27 of the South African Maritime Safety Authority Act, 1998.

**Aanstelling van Registrateur en Adjunkregistrateurs**

**9.** Die Registrateur en Adjunkregistrateurs word deur die Minister aangestel uit die geledere van die personeel van die Owerheid wat ingevolge artikel 27 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, aangestel is.

**Bevoegdhede en pligte van Registrateur**

**10.** (1) Die Registrateur kan alles doen wat nodig of gerieflik is om te doen vir of wat in verband staan met of bykomstig is tot die uitoefening van sy of haar bevoegdhede ingevolge hierdie Wet of enige ander wet, met inbegrip van, maar sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorafgaande, bevoegdhede wat voorgeskryf mag word vir en met betrekking tot die aanvraag vir die verskaffing van inligting en dokumente, asook die oorhandiging van sertifikate en ander dokumente wat ingevolge hierdie Wet verleen of uitgereik is.

(2) Benewens enige ander plig deur hierdie Wet of enige ander Wet opgelê, moet die Registrateur die Register in stand hou, en moet vir daardie doel—

*(a)* alle inligting en dokumente wat ingevolge hierdie Wet vereis of toegelaat word om by die Registrateur ingedien te word, ontvang en aanteken;

*(b)* die sertifikate en ander dokumente wat ingevolge hierdie Wet vereis of toegelaat word om verleen of uitgereik te word, verleen, uitreik, wysig of intrek; en

*(c)* afskrifte van en uittreksels uit—

(i) enige sertifikaat of ander dokument in paragraaf *(b)* beoog; en

(ii) enige inskrywing in die Register,

uitreik.

**Waarnemende Registrateur of Adjunkregistrateur**

**11.** (1) Die owerheid kan 'n lid van sy personeel aanstel om as Registrateur of as Adjunkregistrateur waar te neem—

*(a)* tydens die bestaan van 'n vakature in die amp van Registrateur of Adjunkregistrateur, na gelang van die geval, ongeag of 'n aanstelling voorheen in die amp gedoen is al dan nie; of

*(b)* tydens enige tydperk wanneer die Registrateur of 'n Adjunkregistrateur, na gelang van die geval, van diens afwesig is of uit die Republiek is of, om enige ander rede, nie in staat is om die werksaamhede van sy of haar amp te verrig nie.

(2) 'n Aanstelling van iemand kragtens subartikel (1)—

*(a)* kan bepaal dat dit slegs van krag is in die omstandighede bepaal in die aanstellingsdokument; en

*(b)* kan te eniger tyd beëindig word.

(3) Indien 'n amp vakant raak terwyl iemand ingevolge subartikel (1)*(b)* in die amp waarneem, kan daardie persoon, behoudens subartikel (2), voortgaan om in daardie amp waar te neem totdat die Owerheid anders gelas of die vakature gevul word.

(4) 'n Behoorlik aangestelde waarnemende Registrateur of waarnemende Adjunkregistrateur kan al die bevoegdhede uitoefen en moet al die pligte verrig van die Registrateur of 'n Adjunkregistrateur, na gelang van die geval, ingevolge hierdie Wet of enige ander wet.

(5) Die geldigheid van enigiets gedoen deur iemand wat voorgee om ingevolge hierdie artikel te handel, kan nie bevraagteken word nie op grond daarvan—

*(a)* dat die geleentheid vir sy of haar aanstelling nie aangebreek het nie;

*(b)* dat daar 'n fout of onreëlmatigheid in of in verband met sy of haar aanstelling is;

*(c)* dat die aanstelling opgehou het om van krag te wees; of

*(d)* dat die geleentheid vir hom of haar om waar te neem nie aangebreek het nie of dat dit opgehou het om van krag te wees.

**Aanstelling van personeel**

**12.** Die Owerheid kan die nodige personeel vir die Registrasiekantoor of enige takkantoor aanstel uit die geledere van sy personeel wat ingevolge artikel 27 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, aangestel is.

**Limitation of liability**

**13.** The State, the Minister, the Authority, any person in the service or acting on the authority of an organ of state or the Authority, or any person appointed to exercise any power or to perform any duty in terms of this Act, is not liable in respect of any loss or damage resulting from anything done or not done in good faith in terms of this Act.

**Seal of Registration Office and signature of Registrar**

**14.** (1) There must be a seal of the Registration Office, in a form approved by the Minister, which is under the control of the Registrar.

(2) In all judicial proceedings judicial notice must be taken of the impression of the seal of the Registration Office on a document and it must be presumed, in the absence of evidence to the contrary, that the seal was duly impressed.

(3) If a signature on a document purports to be the signature of the Registrar or of a person authorised to sign the document by virtue of a delegation in terms of section 58, it must be presumed, in the absence of evidence to the contrary, that the signature is that of a person who at the relevant time was holding the office of Registrar or was performing the duties of the office of the Registrar, or was empowered to sign that document, as the case may be.

## CHAPTER 4

## REGISTRATION OF SOUTH AFRICAN SHIPS

### *Part 1*

### *Registration*

**Registration of property in ships**

**15.** (1) For the purposes of the registration of a ship—

*(a)* the property in a ship is divided into 64 shares;

*(b)* subject to paragraph *(c)*, subsection (2) and item 4 of Schedule 1, the number of persons registered as owners of a ship may not at any time exceed 64;

*(c)* any number of persons not exceeding five may be registered as joint owners of a ship or of one or more shares in a ship;

*(d)* a joint owner of a ship or of one or more shares in a ship may not dispose of his or her interest separately;

*(e)* a person may not be registered as the owner of a fractional part of a share in a ship;

*(f)* a body corporate is registered as an owner by its corporate name; and

*(g)* a trust is registered as an owner in the name of the trust.

(2) For the purposes of subsection (1)*(b)*, where a share in a ship is jointly owned or two or more shares in a ship are jointly owned by the same persons, the joint owners of that share or of those shares, as the case may be, must be regarded as one person.

**Ships entitled to be registered**

**16.** Subject to this Chapter, the following ships are entitled to be registered:

*(a)* South African-owned ships;

*(b)* small vessels, other than fishing vessels, that are—

(i) wholly owned by South African residents or South African residents and South African nationals; or

(ii) operated solely by South African residents or South African nationals or both such residents and such nationals; and

*(c)* ships on bareboat charter to South African nationals.

**Inspection and tonnage measurement of ship before registration**

**17.** (1) No ship may be registered, unless—

*(a)* it has undergone the prescribed inspection; and

**Beperking van aanspreeklikheid**

**13.** Die Staat, die Minister, die Owerheid, enige persoon in diens of handelende op die gesag van 'n staatsorgaan of die Owerheid, of enige persoon wat aangewys is om enige werksaamheid of bevoegdheid ingevolge hierdie Wet te verrig of uit te oefen, is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enige verlies of skade wat ontstaan as gevolg van enigiets wat te goeder trou ingevolge hierdie Wet gedoen of nie gedoen is nie.

**Seël van Registrasiekantoor en handtekening van Registrateur**

**14.** (1) Daar moet 'n seël van die Registrasiekantoor wees, in die vorm deur die Minister goedgekeur, wat onder die beheer van die Registrateur is.

(2) In alle geregtelike verrigtinge moet geregtelike kennis geneem word van die afdruk van die seël van die Registrasiekantoor op 'n dokument en word vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat die seël behoorlik afgedruk is.

(3) Indien 'n handtekening op 'n dokument voorgee die handtekening van die Registrateur te wees of 'n persoon wat gemagtig is om die dokument te teken uit hoofde van 'n delegering ingevolge artikel 58, word vermoed, behoudens weerleggende getuienis, dat die handtekening dié is van iemand wat op die betrokke tyd die amp van Registrateur beklee het of die pligte van die amp van die Registrateur verrig het, of wat bevoeg was om die dokument te teken, na gelang van die geval.

## HOOFSTUK 4

## REGISTRASIE VAN SUID-AFRIKAANSE SKEPE

### *Deel 1*

### *Registrasie*

**Registrasie van eiendomsreg in skepe**

**15.** (1) Vir die doeleindes van die registrasie van 'n skip—

*(a)* word die eiendomsreg in 'n skip in 64 aandele verdeel;

*(b)* behoudens paragraaf *(c)*, subartikel (2) en item 4 van Bylae 1, mag die getal persone wat as eienaars van 'n skip geregistreer is, in geen stadium 64 te bowe gaan nie;

*(c)* kan enige getal persone wat nie vyf te bowe gaan nie, as mede-eienaars van 'n skip of van een of meer aandele in 'n skip geregistreer word;

*(d)* kan 'n mede-eienaar van 'n skip of van een of meer aandele in 'n skip nie sy of haar belang afsonderlik vervreem nie;

*(e)* kan 'n persoon nie as eienaar van 'n breukdeel van 'n aandeel in 'n skip registreer word nie;

*(f)* word 'n regspersoon in sy handelsnaam as 'n eienaar geregistreer; en

*(g)* word 'n trust in die naam van die trust geregistreer.

(2) Vir die doeleindes van subartikel (1)*(b)*, waar 'n aandeel in 'n skip gesamentlik besit word, of twee of meer aandele in 'n skip deur dieselfde persone gesamentlik besit word, word die mede-eienaars van daardie aandeel of aandele, na gelang van die geval, geag een persoon te wees.

**Skepe geregtig om geregistreer te word**

**16.** Behoudens hierdie Hoofstuk, is die volgende skepe geregtig om geregistreer te word:

*(a)* Skepe in Suid-Afrikaanse besit;

*(b)* klein vaartuie anders as vissersbote—

(i) wat in die geheel deur Suid-Afrikaanse inwoners of deur Suid-Afrikaanse inwoners en deur Suid-Afrikaanse onderdane besit word; of

(ii) wat deur Suid-Afrikaanse inwoners of Suid-Afrikaanse onderdane, of beide sodanige inwoners en onderdane, bedryf word; en

*(c)* skepe op oorgangshuur aan Suid-Afrikaanse onderdane.

**Inspeksie en tonnemaat van skip voor registrasie**

**17.** (1) Geen skip mag geregistreer word nie, tensy—

*(a)* dit die voorgeskrewe inspeksie ondergaan het; en

(*b*) a certificate relating to the tonnage measurement of the ship, issued in terms of the Merchant Shipping Act, 1951, has been lodged with the Registrar.

(2) Subsection (1)*(b)* does not apply to a prescribed ship, or ships of a prescribed class or description.

**Refusal of registration**

**18.** (1) Despite a ship being entitled to be registered, the Registrar may refuse to register the ship if he or she is satisfied that—

(*a*) it would be inappropriate for the ship to be registered having regard—

(i) to the relevant requirements of the Shipping Acts in respect of—

(*aa*) the condition of the ship in respect of its safety or any risk of pollution; and

(*bb*) the safety, health and welfare of persons employed or engaged on the ship; or

(ii) to the interests of the Republic or international merchant shipping;

(*b*) the prescribed conditions have not been complied with; or

(*c*) the registration of the ship is prohibited in terms of regulations under section 56(3)*(d)*.

(2) If the Registrar refuses in terms of this section to register a ship, he or she must serve a notice on the applicant stating that registration is refused because he or she is satisfied as contemplated in subsection (1)*(a)*, *(b)* or *(c)*.

**Prohibition on dual registration**

**19.** (1) The Registrar may not register a ship in terms of this Act if it is registered in terms of the law of another state, unless—

(*a*) in the case of a South African-owned ship, it was acquired pursuant to an order of court in terms of section 9 of the Admiralty Jurisdiction Regulation Act, 1983 (Act No. 105 of 1983), and the evidence contemplated in subsection (2)*(c)* has been lodged with the Registrar; or

(*b*) in the case of a ship on bareboat charter to a South African national, the evidence contemplated in subsection (2)*(d)* has been lodged with the Registrar.

(2) If, in respect of a ship that has at any time been registered in terms of the law of another state, an application is made for the registration of the ship in terms of this Act, the application must be accompanied by the evidence required by the Registrar to establish—

(*a*) that the ship is no longer registered in terms of the law of another state;

(*b*) that steps have been taken or are proposed to terminate registration in terms of the law of another state before the ship is registered in terms of this Act;

(*c*) in the case of a ship referred to in subsection (1)*(a)*, that all reasonable steps to secure the termination of the ship's registration in terms of the law of that other state have been unsuccessful; or

(*d*) in the case of a ship referred to in subsection (1)*(b)*, that the owner of the ship and the competent authority of the state of primary registration consent to the ship's registration in terms of this Act.

***Part 2***

***Identification***

**Marking of ship**

**20.** (1) A ship may not be registered until it has been marked in the prescribed manner with the marks directed by the Registrar by notice in writing served on the owner or one of the owners, and the prescribed evidence that the ship has been so marked is lodged with the Registrar.

(2) Subject to subsection (4), if the markings placed on a registered ship in accordance with the requirements of subsection (1) are not maintained, the owner and master of the ship are each guilty of an offence.

(3) Subject to subsection (4), no person may conceal, remove, alter, deface or

*(b)* 'n sertifikaat met betrekking tot die tonnemaat van die skip, uitgereik ingevolge die Handelskeepvaartwet, 1951, by die Registrateur ingedien is.

(2) Subartikel (1)*(b)* is nie op 'n voorgeskrewe skip, of skepe van 'n voorgeskrewe klas of beskrywing, van toepassing nie.

**Weiering van registrasie**

**18.** (1) Alhoewel 'n skip geregtig mag wees om geregistreer te word, kan die Registrateur weier om die skip te registreer indien hy of sy oortuig is dat—

*(a)* dit onvanpas sou wees om die skip te registreer, met inagneming van—

(i) die relevante vereistes van die Skeepswette ten opsigte van—

*(aa)* die toestand van die skip ten opsigte van sy veiligheid of enige besoedelingsrisiko; en

*(bb)* die veiligheid, gesondheid en welsyn van persone wat op die skip werk of in diens is; of

(ii) die belange van die Republiek of internasionale handelskeepvaart;

*(b)* die voorgeskrewe voorwaardes nie nagekom is nie; of

*(c)* die registrasie van die skip ingevolge regulasies kragtens artikel 56(3)*(d)* verbied word.

(2) Indien die Registrateur ingevolge hierdie artikel weier om 'n skip te registreer, moet hy of sy 'n kennisgewing op die applikant beteken waarin gemeld word dat registrasie geweier is omrede hy of sy oortuig is soos beoog in subartikel (1)*(a)*, *(b)* of *(c)*.

**Verbod op dubbelregistrasie**

**19.** (1) Die Registrateur mag nie 'n skip wat ingevolge die reg van 'n ander staat geregistreer is ingevolge hierdie Wet registreer nie, tensy—

*(a)* in die geval van 'n skip in Suid-Afrikaanse besit, dit verkry is kragtens 'n hofbevel ingevolge artikel 9 van die Wet op die Reëling van Admiraliteitsjurisdiksie, 1983 (Wet No. 105 van 1983), en die getuienis beoog in subartikel (2)*(c)* by die Registrateur ingedien is; of

*(b)* in die geval van 'n skip op oorgangshuur aan 'n Suid-Afrikaanse onderdaan, die getuienis beoog in subartikel (2)*(d)* by die Registrateur ingedien is.

(2) Indien ten opsigte van 'n skip wat te eniger tyd ingevolge die reg van 'n ander staat geregistreer was ingevolge hierdie Wet aansoek om registrasie van die skip gedoen word, moet die aansoek vergesel gaan van die getuienis wat die Registrateur vereis, ten einde vas te stel—

*(a)* dat die skip nie langer ingevolge die reg van 'n ander staat geregistreer is nie;

*(b)* dat stappe gedoen is of voorgestel word om registrasie ingevolge die reg van 'n ander staat te beëindig voordat die skip ingevolge hierdie Wet geregistreer word;

*(c)* in die geval van 'n skip in subartikel (1)*(a)* bedoel, dat alle redelike stappe om die beëindiging van die skip se registrasie ingevolge die reg van daardie ander staat te verseker, onsuksesvol was; of

*(d)* in die geval van 'n skip in subartikel (1)*(b)* bedoel, dat die eienaar van die skip en die bevoegde gesag van die staat van eerste registrasie tot registrasie van die skip ingevolge hierdie Wet toestem.

## *Deel 2*

## *Identifikasie*

**Merk van skip**

**20.** (1) 'n Skip word nie geregistreer nie totdat dit op die voorgeskrewe wyse gemerk is met die merke deur die Registrateur aangedui by skriftelike kennisgewing op die eienaar of een van die eienaars beteken, en die voorgeskrewe bewyse dat die skip aldus gemerk is by die Registrateur ingedien is.

(2) Behoudens subartikel (4) indien die merke wat ooreenkomstig die vereistes van subartikel (1) op 'n geregistreerde skip aangebring is, nie in stand gehou word nie, is die eienaar en gesagvoerder van die skip elkeen skuldig aan 'n misdryf.

(3) Behoudens subartikel (4) mag niemand 'n merk wat ooreenkomstig die vereistes

obliterate, or allow any person under his or her control to conceal, remove, alter, deface or obliterate any marking that is on a registered ship in accordance with the requirements of subsection (1).

(4) Subsections (2) and (3) do not apply in respect of anything authorised by the regulations or done for the purpose of escaping capture by an enemy or by a foreign ship of war in the exercise of some belligerent right.

**Name of registered ship and change of name**

**21.** (1) A registered ship may not be described by any name other than the name by which the ship is for the time being registered.

(2) Subject to this Act, an application may be made to the Registrar in the prescribed manner for a change in the name of a registered ship.

(3) The Registrar must disallow a name if—

*(a)* the name proposed for a ship in an application for the registration of the ship; or

*(b)* the new name proposed for a registered ship in an application in terms of subsection (2),

is a prescribed name, or a name included in a prescribed class of names.

(4) If the Registrar grants an application in terms of subsection (2)—

*(a)* he or she must cause the new name to be entered in the Register and endorsed on the ship's registration certificate; and

*(b)* section 20 applies in respect of the marking of the new name on the ship as if the ship had been registered by that name.

**Power of Minister to disallow proposed name for ship**

**22.** If the Minister has reason to believe that the description of a ship by a certain name is likely to prejudice the Republic's international relations, the Minister may, by notice in writing given to the Registrar, disallow—

*(a)* the name proposed for a ship in an application for the registration of the ship; or

*(b)* the new name proposed for a registered ship in an application in terms of section 21(2).

***Part 3***

***Registration certificates***

**Registration certificate**

**23.** (1) On completion of the registration of a ship, the Registrar must issue a registration certificate in respect of the ship in the prescribed form.

(2) The certificate contemplated in subsection (1) must contain the particulars entered in the Register in respect of the ship, and any other matter that may be prescribed.

**Status and custody of registration certificate**

**24.** (1) In this section, "registration certificate" includes a provisional registration certificate.

(2) A registration certificate may be used only for the lawful navigation of a ship, and may not be detained to secure any civil right or claim.

(3) A person who has possession or control of a registration certificate may not fail, without reasonable grounds, to deliver the certificate on demand to—

*(a)* the person entitled to the custody thereof for the purposes of the lawful navigation of the ship;

*(b)* the Registrar, a Deputy Registrar or a proper officer;

*(c)* a customs officer; or

*(d)* any other person entitled by law to require its delivery.

(4) If the person required by subsection (3) to deliver a registration certificate is

van subartikel (1) op 'n geregistreerde skip is, bedek, verwyder, verander, ontsier of uitvee nie of 'n ander persoon wat onder sy of haar beheer is, toelaat om dit te bedek, te verwyder, te verander, te ontsier of uit te vee nie.

(4) Subartikels (2) en (3) is nie van toepassing nie ten opsigte van enigiets wat deur die regulasies gemagtig word of wat gedoen word met die doel om gevangeneming deur 'n vyand of deur 'n vreemde oorlogskip in die uitvoering van 'n oorlogvoerende reg te ontsnap.

**Naam van geregistreerde skip en verandering van naam**

**21.** (1) 'n Geregistreerde skip mag nie deur die gebruik van enige naam, anders as die naam waarby die skip op die betrokke tydstip geregistreer is, beskryf word nie.

(2) Behoudens hierdie Wet kan op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur om die verandering van 'n geregistreerde skip se naam aansoek gedoen word.

(3) Die Registrateur moet 'n naam afkeur indien—

*(a)* die voorgestelde naam vir 'n skip in 'n aansoek om registrasie van die skip; of

*(b)* die nuwe voorgestelde naam vir 'n geregistreerde skip in 'n aansoek ingevolge subartikel (2),

'n voorgeskrewe naam is, of 'n naam is wat ingesluit is by 'n voorgeskrewe klas name.

(4) Indien die Registrateur 'n aansoek ingevolge subartikel (2) toestaan—

*(a)* moet hy of sy die nuwe naam in die Register laat aanteken en op die skip se registrasiesertifikaat laat endosseer; en

*(b)* is artikel 20 van toepassing met betrekking tot die merk van die nuwe naam op die skip asof die skip met daardie naam geregistreer was.

**Bevoegdheid van Minister om voorgestelde naam van skip af te keur**

**22.** Indien die Minister rede het om te glo dat die beskrywing van 'n skip met 'n sekere naam waarskynlik die Republiek se internasionale betrekkinge sal benadeel, kan die Minister by skriftelike kennisgewing aan die Registrateur—

*(a)* die voorgestelde naam vir 'n skip in 'n aansoek om registrasie van die skip; of

*(b)* die nuwe voorgestelde naam vir 'n geregistreerde skip in 'n aansoek ingevolge artikel 21(2).

***Deel 3***

***Registrasiesertifikate***

**Registrasiesertifikaat**

**23.** (1) By die voltooiing van die registrasie van 'n skip, moet die Registrateur 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm ten opsigte van die skip uitreik.

(2) Die sertifikaat in subartikel (1) beoog moet die besonderhede bevat wat in die Register ten opsigte van die skip aangeteken is, en enige ander aangeleenthede wat voorgeskryf mag word.

**Status en bewaring van registrasiesertifikate**

**24.** (1) In hierdie artikel beteken "registrasiesertifikaat" ook 'n voorlopige registrasiesertifikaat.

(2) 'n Registrasiesertifikaat kan slegs vir die regmatige navigasie van 'n skip gebruik word, en kan nie gehou word om enige siviele reg of eis te verseker nie.

(3) Iemand wat die besit of beheer oor 'n registrasie sertifikaat het, mag nie sonder redelike gronde versuim om die sertifikaat op versoek te oorhandig nie aan—

*(a)* die persoon wat op die bewaring daarvan geregtig is vir die doeleindes van die regmatige navigasie van die skip;

*(b)* die Registrateur, 'n Adjunkregistrateur of 'n bevoegde beampte;

*(c)* 'n doeanebeampte; of

*(d)* enige ander persoon wat regtens die oorhandiging daarvan kan vereis.

(4) Indien die persoon van wie ingevolge subartikel (3) vereis word om 'n

outside the Republic, or persists in not delivering the certificate, the certificate must be regarded as lost and section 25(1)*(a)* is applicable.

(5) If in any criminal proceedings in respect of a contravention of this section a court is of the opinion that a certificate is lost, the court must make an order to that effect and cause a copy of the order to be served on the Registrar.

**New certificate and provisional certificate**

**25.** (1) If a registration certificate—

*(a)* is mislaid, lost or destroyed; or

*(b)* is lodged with the Registrar,

the Registrar must, on application in the prescribed manner, issue a new certificate in substitution for that certificate.

(2) If an event contemplated in subsection (1)*(a)* occurs while the ship concerned—

*(a)* is at a foreign port at which there is a proper officer; or

*(b)* is at sea or at a foreign port at which there is no proper officer and, subsequently, but before arriving at a South African port, the ship arrives at a foreign port at which there is a proper officer,

the Registrar or the proper officer at that port must, subject to the regulations, on application to him or her, issue a provisional registration certificate in respect of that ship in the prescribed form.

(3) Subject to subsection (5), a provisional registration certificate issued in terms of subsection (2) must be regarded as a registration certificate until—

*(a)* the ship arrives at a South African port; or

*(b)* the expiration of a period of six months, calculated from the date on which the certificate was issued,

whichever may occur first.

(4) A proper officer who issues a provisional registration certificate in terms of this section must forward a copy of the certificate to the Registrar.

(5) If, while a provisional registration certificate issued in terms of subsection (2) is valid, an application is made in the prescribed manner, the Registrar may by notice in writing served on the applicant extend the period referred to in subsection (3)*(b)*, and in that event the reference in that provision to a period of six months must be regarded as a reference to such extended period.

(6) A person who has possession of a provisional registration certificate issued in terms of subsection (2) must lodge that certificate with the Registrar within 10 days after the ship's arrival at a South African port.

(7) On lodgment of a provisional registration certificate in terms of subsection (6), the Registrar may—

*(a)* issue a further provisional registration certificate in respect of that ship; or

*(b)* issue a new registration certificate in respect of that ship.

(8) A provisional registration certificate issued in terms of subsection (7)*(a)* must with effect from the date on which it was issued be regarded as a registration certificate for the period that the Registrar may determine in that certificate.

**Provisional certificate for ship becoming entitled to be registered while abroad**

**26.** (1) If, while a ship—

*(a)* is at a foreign port at which there is a proper officer, it becomes a ship entitled to be registered; or

*(b)* is at sea or at a foreign port at which there is no proper officer, it becomes a ship entitled to be registered and, subsequently, but before arriving at a South African port, the ship arrives at a foreign port at which there is a proper officer,

the proper officer at that port may, subject to the regulations, on application to him or her, issue a provisional registration certificate in respect of that ship in the prescribed form.

(2) Subject to subsection (4), a provisional registration certificate issued in terms of this section must be regarded as a registration certificate until—

registrasiesertifikaat te oorhandig buite die Republiek is of daarin volhard om nie die sertifikaat te oorhandig nie, moet die sertifikaat as verlore geag word en is artikel 25(1)*(a)* van toepassing.

(5) Indien 'n hof in enige strafregtelike verrigtinge ten opsigte van 'n misdryf ingevolge hierdie artikel van oordeel is dat 'n sertifikaat verlore is, maak die hof 'n bevel in dier voege en laat 'n afskrif van die bevel op die Registrateur beteken.

**Nuwe sertifikaat en voorlopige sertifikaat**

**25.** (1) Indien 'n registrasiesertifikaat—

*(a)* verlê, verlore of vernietig is; of

*(b)* by die Registrateur ingedien word,

reik die Registrateur, by aansoek op die voorgeskrewe wyse, 'n nuwe sertifikaat ter vervanging van daardie sertifikaat uit.

(2) Indien 'n voorval beoog in subartikel (1)*(a)* plaasvind terwyl die betrokke skip—

*(a)* by 'n vreemde hawe is waar daar 'n bevoegde beampte is; of

*(b)* ter see of by 'n vreemde hawe is waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie en, daarna, maar voordat dit by 'n Suid-Afrikaanse hawe aankom, die skip by 'n vreemde hawe aankom waar daar 'n bevoegde beampte is,

moet die Registrateur of die bevoegde beampte by daardie hawe, behoudens die regulasies, by aansoek tot hom of haar, 'n voorlopige registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm ten opsigte van daardie skip uitreik.

(3) Behoudens subartikel (5) moet 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat ingevolge subartikel (2) uitgereik is, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees totdat—

*(a)* die skip by 'n Suid-Afrikaanse hawe aankom; of

*(b)* die verstryking van 'n tydperk van ses maande, bereken vanaf die datum waarop die sertifikaat uitgereik is,

watter datum ook al eerste aanbreek.

(4) 'n Bevoegde beampte wat 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge hierdie artikel uitreik, stuur 'n afskrif van die sertifikaat aan die Registrateur.

(5) Indien, terwyl 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (2) uitgereik, geldig is, 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen word, kan die Registrateur by skriftelike kennisgewing op die aansoeker beteken die tydperk in subartikel (3)*(b)* bedoel, verleng, en in daardie geval moet 'n verwysing in daardie bepaling na 'n tydperk van ses maande geag word 'n verwysing na sodanige verlengde tydperk te wees.

(6) 'n Persoon wat in besit is van 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat ingevolge subartikel (2) uitgereik is, moet die sertifikaat binne 10 dae na die skip se aankoms by 'n Suid-Afrikaanse hawe by die Registrateur indien.

(7) By die indiening van 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (6), kan die Registrateur—

*(a)* 'n verdere voorlopige registrasiesertifikaat ten opsigte van daardie skip uitreik; of

*(b)* 'n nuwe registrasiesertifikaat ten opsigte van daardie skip uitreik.

(8) 'n Voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (7)*(a)* uitgereik, moet met ingang van die datum waarop dit uitgereik is, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees vir die tydperk wat die Registrateur in daardie sertifikaat bepaal.

**Voorlopige sertifikaat vir skip wat geregtig word om geregistreer te word terwyl in buiteland**

**26.** (1) Indien, terwyl 'n skip—

*(a)* by 'n vreemde hawe is waar daar 'n bevoegde beampte is, dit 'n skip word wat geregtig is om geregistreer te word; of

*(b)* ter see of by 'n vreemde hawe is waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie, dit 'n skip word wat geregtig is om geregistreer te word en, daarna, maar voordat dit by 'n Suid-Afrikaanse hawe aankom, die skip by 'n vreemde hawe aankom waar daar 'n bevoegde beampte is,

kan die bevoegde beampte by daardie hawe, behoudens die regulasies, by aansoek tot hom of haar 'n voorlopige registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm ten opsigte van daardie skip uitreik.

(2) Behoudens subartikel (4) moet 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat ingevolge hierdie artikel uitgereik is, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees, totdat—

(*a*) the ship arrives at a South African port; or
(*b*) the expiration of a period of six months, calculated from the date on which the certificate was issued,

whichever may occur first.

(3) A proper officer who issues a provisional registration certificate in terms of this section must forward a copy of the certificate to the Registrar.

(4) If, while a provisional registration certificate issued in terms of subsection (1) is valid, an application is made in the prescribed manner, the Registrar may by notice in writing served on the applicant extend the period referred to in subsection (2)*(b)*, and in that event the reference in that provision to a period of six months must be regarded as a reference to such extended period.

(5) A person who has possession of a provisional registration certificate issued in terms of subsection (1) must lodge the certificate with the Registrar within 10 days after the ship's arrival at a South African port.

(6) On lodgment of a provisional registration certificate in terms of subsection (5), the Registrar may issue a further provisional registration certificate in respect of that ship.

(7) A provisional registration certificate issued in terms of subsection (6) must with effect from the date on which it was issued be regarded as a registration certificate for the period that the Registrar may determine in that certificate.

**Provisional certificate issued by Registrar**

**27.** (1) If, while a ship is at sea or at a foreign port, it becomes a ship entitled to be registered, the Registrar may, subject to the regulations, on application to him or her, issue a provisional registration certificate in respect of that ship in the prescribed form.

(2) If, while a ship is at a South African port, it becomes a ship entitled to be registered, the Registrar may, subject to the regulations, on application to him or her, if he or she is satisfied that it is the intention of the owner of the ship that the ship will depart from that port to a place outside the Republic, issue a provisional registration certificate in respect of that ship in the prescribed form.

(3) Subject to subsection (4), a provisional registration certificate issued in terms of this section must be regarded as a registration certificate until—

(*a*) in the case of a ship in respect of which a certificate was issued in terms of subsection (1)—
  (i) the ship arrives at a South African port; or
  (ii) the expiration of a period of six months, calculated from the date on which the certificate was issued,

  whichever may occur first; or

(*b*) in the case of a ship in respect of which a certificate was issued in terms of subsection (2)—
  (i) the ship returns from a place outside the Republic to a South African port; or
  (ii) the expiration of a period of six months, calculated from the date on which the certificate was issued,

  whichever may occur first.

(4) If, while a provisional registration certificate issued in terms of subsection (1) or (2) is valid, an application is made in the prescribed manner, the Registrar may by notice in writing served on the applicant extend the period referred to subsection (3)*(a)*(ii) or *(b)*(ii), as the case may be, and in that event the reference in the relevant provision to a period of six months must be regarded as a reference to such extended period.

(5) A person who has possession of a provisional registration certificate issued in terms of subsection (1) or (2) must lodge the certificate with the Registrar—

(*a*) if the certificate was issued in terms of subsection (1), within 10 days after the ship's arrival at a South African port; or
(*b*) if the certificate was issued in terms of subsection (2), within 10 days after the ship's return from a place outside the Republic to a South African port.

(a) die skip by 'n Suid-Afrikaanse hawe aankom; of
(b) die verstryking van 'n tydperk van ses maande, bereken vanaf die datum waarop die sertifikaat uitgereik is,

watter datum ook al eerste aanbreek.

(3) 'n Bevoegde beampte wat 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge hierdie artikel uitreik, stuur 'n afskrif van die sertifikaat aan die Registrateur.

(4) Indien, terwyl 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (1) uitgereik, geldig is, 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen word, kan die Registrateur by skriftelike kennisgewing op die aansoeker beteken die tydperk in subartikel (2)*(b)* bedoel, verleng, en in daardie geval moet 'n verwysing in daardie bepaling na 'n tydperk van ses maande geag word 'n verwysing na sodanige verlengde tydperk te wees.

(5) 'n Persoon wat in besit is van 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, moet die sertifikaat binne 10 dae na die skip se aankoms by 'n Suid-Afrikaanse hawe by die Registrateur indien.

(6) By die indiening van 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (5), kan die Registrateur 'n verdere voorlopige registrasiesertifikaat ten opsigte van daardie skip uitreik.

(7) 'n Voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (6) uitgereik, moet met ingang van die datum waarop dit uitgereik is, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees vir die tydperk wat die Registrateur in daardie sertifikaat mag bepaal.

**Voorlopige sertifikaat deur Registrateur uitgereik**

**27.** (1) Indien, terwyl 'n skip by 'n vreemde hawe of ter see is, dit 'n skip word wat geregtig is om geregistreer te word, kan die Registrateur, behoudens die regulasies, by aansoek tot hom of haar 'n voorlopige registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm ten opsigte van daardie skip uitreik.

(2) Indien, terwyl 'n skip by 'n Suid-Afrikaanse hawe is, dit 'n skip word wat geregtig is om geregistreer te word, kan die Registrateur, behoudens die regulasies, by aansoek tot hom of haar, indien hy of sy oortuig is dat die eienaar van die skip van voorneme is dat die skip van daardie hawe na 'n plek buite die Republiek sal vertrek, 'n voorlopige registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm ten opsigte van daardie skip uitreik.

(3) Behoudens subartikel (4) moet 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat ingevolge hierdie artikel uitgereik is, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees totdat—

(a) in die geval van 'n skip ten opsigte waarvan 'n sertifikaat ingevolge subartikel (1) uitgereik is—
   (i) die skip by 'n Suid-Afrikaanse hawe aankom; of
   (ii) die verstryking van 'n tydperk van ses maande bereken vanaf die datum waarop die sertifikaat uitgereik is,

   watter datum ook al eerste aanbreek; of
(b) in die geval van 'n skip ten opsigte waarvan 'n sertifikaat ingevolge subartikel (2) uitgereik is —
   (i) die skip vanaf 'n plek buite die Republiek na 'n Suid-Afrikaanse hawe terugkeer; of
   (ii) die verstryking van 'n tydperk van ses maande bereken vanaf die datum waarop die sertifikaat uitgereik is,

   watter datum ook al eerste aanbreek.

(4) Indien, terwyl 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat met betrekking tot 'n skip ingevolge subartikel (1) of (2) uitgereik is, geldig is, 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen word, kan die Registrateur by skriftelike kennisgewing op die aansoeker beteken, die tydperk in subartikel (3)*(a)*(ii) of *(b)*(ii), na gelang van die geval, verleng, en in daardie geval moet 'n verwysing in die tersaaklike bepaling na 'n tydperk van ses maande geag word 'n verwysing na sodanige verlengde tydperk te wees.

(5) 'n Persoon wat in besit is van 'n voorlopige registrasiesertifikaat wat ingevolge subartikel (1) of (2) uitgereik is, moet die sertifikaat by die Registrateur indien—

(a) indien die sertifikaat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, binne 10 dae na die skip se aankoms by 'n Suid-Afrikaanse hawe; of
(b) indien die sertifikaat ingevolge subartikel (2) uitgereik is, binne 10 dae na die skip se terugkeer vanaf 'n plek buite die Republiek na 'n Suid-Afrikaanse hawe.

(6) On lodgment of a provisional registration certificate in terms of subsection (5), the Registrar may issue a further provisional registration certificate in respect of that ship.

(7) A provisional registration certificate issued in terms of subsection (6) must with effect from the date on which it was issued, be regarded as a registration certificate for the period that the Registrar may determine in that certificate.

**Provisional certificate not to be issued in certain circumstances**

**28.** A provisional registration certificate may not be issued by a proper officer in terms of section 26(1), or by the Registrar in terms of section 27(1) or (2), unless the person who issues the certificate is satisfied that, at the time when he or she issues the certificate, an application for registration of the ship has been lodged with the Registrar and that the application has yet to be dealt with.

**Temporary pass**

**29.** (1) The Authority may direct the Registrar to issue a temporary pass in respect of an unregistered ship entitled to be registered if the Authority is satisfied that by reason of special circumstances permission should be granted for the ship to travel—

*(a)* from a South African port to a foreign port; or

*(b)* from a foreign port to another foreign port or to a South African port.

(2) The Registrar must issue the pass contemplated in subsection (1) in the prescribed form and may determine in the pass—

*(a)* the voyage that the ship is authorised to make; and

*(b)* the date of expiry of the pass.

(3) Subject to the matters that may be determined in the pass, a temporary pass issued in terms of this section must be regarded as a registration certificate.

**Improper use of certificate**

**30.** A person who, in relation to a ship, whether or not it is a registered ship, uses or permits the use of an invalid registration certificate, provisional registration certificate or temporary pass, is guilty of an offence.

## CHAPTER 5

## PRIVATE LAW PROVISIONS

**Private law matters**

**31.** (1) Despite anything to the contrary in any other law, but subject to subsection (2), a registered ship or a share in a registered ship may not, after the coming into operation of this Act, be mortgaged by a bond registered in a deeds registry, and no bond so registered—

*(a)* before such coming into operation, confers upon the mortgagee any preference against other creditors after the expiration of 60 days from such coming into operation; or

*(b)* after such coming into operation, confers upon the mortgagee any preference against other creditors.

(2) The mortgagee under any bond by which a registered ship or a share in a registered ship is hypothecated and that is registered in a deeds registry at the coming into operation of this Act may produce to the Registrar within 60 days after such coming into operation or within any further period the Registrar may allow in special circumstances a copy of the duplicate original of the bond filed in the deeds registry certified by the registrar of deeds in charge of that registry; and the Registrar must thereupon record the mortgage in the Register, whereafter the provisions of this Act relating to the mortgage of ships and shares in ships apply in respect of that mortgage: Provided that for the

(6) By die indiening van 'n voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (5), kan die Registrateur 'n verdere voorlopige registrasiesertifikaat ten opsigte van daardie skip uitreik.

(7) 'n Voorlopige registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (6) uitgereik, moet met ingang van die datum waarop dit uitgereik is, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees vir die tydperk wat die Registrateur in daardie sertifikaat mag bepaal.

**Voorlopige sertifikaat word in sekere omstandighede nie uitgereik nie**

**28.** 'n Voorlopige registrasiesertifikaat kan nie deur 'n bevoegde beampte ingevolge artikel 26(1), of deur die Registrateur ingevolge artikel 27(1) of (2) uitgereik word nie, tensy die persoon wat die sertifikaat uitreik, oortuig is dat, ten tyde van sodanige uitreiking van die sertifikaat deur hom of haar, 'n aansoek om registrasie van die skip by die Registrateur ingedien is en dat daar nog met daardie aansoek gehandel moet word.

**Tydelike pas**

**29.** (1) Die Owerheid kan die Registrateur gelas om 'n tydelike pas uit te reik ten opsigte van 'n ongeregistreerde skip wat geregtig is om geregistreer te word indien die Owerheid oortuig is dat op grond van buitengewone omstandighede toestemming verleen behoort te word vir die skip om te vaar—

(*a*) vanaf 'n Suid-Afrikaanse hawe na 'n vreemde hawe; of

(*b*) vanaf 'n vreemde hawe na 'n ander vreemde hawe of na 'n Suid-Afrikaanse hawe.

(2) Die Registrateur moet die pas in subartikel (1) beoog in die voorgeskrewe vorm uitreik en kan in die pas bepaal—

(*a*) watter reis die skip gemagtig is om te maak; en

(*b*) op watter datum die pas verval.

(3) 'n Tydelike pas wat ingevolge hierdie artikel uitgereik is, moet, behoudens die aangeleenthede wat in die pas bepaal mag word, geag word 'n registrasiesertifikaat te wees.

**Onbehoorlike gebruik van sertifikaat**

**30.** Iemand wat in verband met 'n skip, ongeag of dit 'n geregistreerde skip is al dan nie, 'n ongeldige registrasiesertifikaat, voorlopige registrasiesertifikaat of tydelike pas gebruik of die gebruik daarvan toelaat, is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK 5

## PRIVAATREGBEPALINGS

**Privaatregaangeleenthede**

**31.** (1) Ondanks die bepalings van enige ander wet, maar behoudens subartikel (2), word 'n geregistreerde skip of 'n aandeel in 'n geregistreerde skip na die inwerkingtreding van hierdie Wet nie by wyse van 'n verband wat in 'n akteskantoor geregistreer is, beswaar nie, en geen verband wat aldus geregistreer is—

(*a*) voor bedoelde inwerkingtreding, verleen aan die verbandhouer enige voorkeurreg bo ander skuldeisers na die verloop van 60 dae vanaf bedoelde inwerkingtreding nie;

(*b*) na bedoelde inwerkingtreding, verleen aan die verbandhouer enige voorkeurreg bo ander skuldeisers nie.

(2) Die verbandhouer kragtens 'n verband waarby 'n geregistreerde skip of 'n aandeel in 'n geregistreerde skip beswaar is, en wat by die inwerkingtreding van hierdie artikel in 'n akteskantoor geregistreer is, kan binne 60 dae na bedoelde inwerkingtreding, of binne 'n verdere tydperk wat die Registrateur in besondere gevalle mag toestaan, 'n afskrif van die duplikaat- oorspronklike verbandakte wat in die akteskantoor bewaar word, gesertifiseer deur die registrateur van aktes aan die hoof van daardie akteskantoor, aan die Registrateur voorlê, en daarop teken die Registrateur die verband in die Register op, waarna die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot die beswaring van skepe en aandele in skepe op daardie verband van toepassing is: Met

purposes of item 10 of Schedule 1 the mortgage must be regarded to have been registered in the Register on the date on which and at the time at which the said bond was registered in the deeds registry.

(3) Whenever the Registrar records any mortgage in terms of subsection (2), he or she must send written notice thereof to the registrar of deeds in charge of the deeds registry in which the bond was registered, and on receipt of that notice the registrar must endorse on the duplicate original of the bond filed in the deeds registry the fact that the mortgage has been so recorded.

(4) Subsections (1), (2) and (3) do not apply in respect of any bond referred to in 46(1) of the Merchant Shipping Act, 1951.

(5) Subject to subsection (6), a mortgage of a registered ship or of a share in a registered ship is deemed to be a special mortgage as defined in section 2 of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), and ranks and is dealt with as if it were a mortgage bond hypothecating immovable property situate in the Republic.

(6) For the purposes of subsection (5)—

*(a)* "mortgage", in relation to a ship or a share in a ship, means a registered mortgage executed and valid in accordance with the law of the state in which the ship is registered; and

*(b)* "registered" includes to be registered in terms of the law of another state.

(7) Subject to subsections (8) and (9), Schedule 1 applies in respect of—

*(a)* the creation, transfer, transmission or discharge of a mortgage of a ship or a share in a ship;

*(b)* the transfer or transmission of rights in a ship or a share in a ship; and

*(c)* any matter incidental to paragraphs *(a)* and *(b)*.

(8) Schedule 1 does not apply in respect of a ship excluded from its application by regulations under section 56(3)*(c)*.

(9) The provisions of Schedule 1 and regulations made for the purposes of that Schedule, or the provisions of the regulations under section 56(3)*(c)*, do not apply to ships registered in terms of section 16*(c)*, and any matter or question in respect of such ships corresponding to those provisions are determined by reference to the law of the state of primary registration.

**Liability of person with beneficial interest**

**32.** If any person has a beneficial interest in any ship or share in a ship registered in the name of any other person as owner, the person so interested and the registered owner are liable for any pecuniary penalty imposed in terms of the Shipping Acts or any other law on the owners of registered ships, and the Authority may institute civil proceedings for the enforcement of any such penalty against both the person so interested and the owner, or either of them, jointly or jointly and severally.

## CHAPTER 6

## THE REGISTER

**South African Ships Register**

**33.** (1) There is hereby established the South African Ships Register, in which must be entered all matters required or permitted by this Act to be entered in the Register.

(2) The Register may be divided into parts so as to distinguish between classes or descriptions of ships.

(3) The Register and copies of the Register, or of such part or parts of the Register that the Authority may direct, must be kept at the Registration Office or at the branch offices that the Authority may direct.

**Access to Register**

**34.** Any person may have access to the Register at any reasonable time during the hours when the Registration Office, or a branch office, as the case may be, is open for business, and is entitled against payment of the relevant charge to be furnished with a copy of or extract from any entry in the Register.

dien verstande dat vir die doeleindes van item 10 van Bylae 1 die verband geag moet word in die Register geregistreer te gewees het op die datum en tyd waarop bedoelde verband in die akteskantoor geregistreer is.

(3) Wanneer die Registrateur 'n verband ingevolge subartikel (2) opteken, moet hy of sy aan die registrateur van aktes aan die hoof van die akteskantoor waarin die verband geregistreer was, skriftelike kennis daarvan stuur, en by ontvangs van daardie kennisgewing maak die registrateur op die duplikaat- oorspronklike verbandakte wat in die akteskantoor bewaar word, 'n aantekening dat die verband aldus opgeteken is.

(4) Subartikels (1), (2) en (3) is nie van toepassing nie op 'n verbandakte bedoel in artikel 46(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951.

(5) Behoudens subartikel (6) word 'n verband oor 'n geregistreerde skip of oor 'n aandeel in 'n geregistreerde skip geag 'n spesiale verband te wees soos omskryf in artikel 2 van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), en is gelyk aan en word mee gehandel asof dit 'n verband is wat onroerende eiendom wat in die Republiek geleë is, beswaar.

(6) By die toepassing van subartikel (5) beteken—

*(a)* "verband", met betrekking tot 'n skip of 'n aandeel in 'n skip, 'n geregistreerde verband verly en geldig ooreenkomstig die reg van die staat waar die skip geregistreer is; en

*(b)* "geregistreer" ook geregistreer ingevolge die reg van 'n ander staat.

(7) Behoudens subartikels (8) en (9) is Bylae 1 van toepassing ten opsigte van—

*(a)* die totstandbrenging, oordrag, oorgang of aflossing van 'n verband oor 'n skip of 'n aandeel in 'n skip;

*(b)* die oordrag of oorgang van regte in 'n skip of 'n aandeel in 'n skip; en

*(c)* enige aangeleentheid bykomstig tot paragrawe *(a)* en *(b)*.

(8) Bylae 1 is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n skip wat, by regulasies kragtens artikel 56(3)*(c)*, van die toepassing daarvan uitgesluit is.

(9) Die bepalings van Bylae 1 en die regulasies wat uitgevaardig is vir doeleindes van daardie Bylae, of die bepalings van die regulasies kragtens artikel 56(3)*(c)*, is nie van toepassing nie op skepe wat ingevolge artikel 16*(c)* geregistreer is, en enige aangeleentheid of kwessie in verband met sodanige skepe wat ooreenstem met daardie bepalings, word bepaal met verwysing na die reg van die staat van eerste registrasie.

**Aanspreeklikheid van persoon met voordelige belang**

**32.** Indien iemand 'n voordelige belang het in 'n skip of 'n aandeel in 'n skip wat in die naam van 'n ander persoon as eienaar geregistreer is, is die persoon met sodanige belang, en die geregistreerde eienaar, aanspreeklik vir enige geldelike boete ingevolge die Skeepswette of enige ander wet op die eienaars van geregistreerde skepe opgelê, en die Owerheid kan siviele verrigtinge instel vir die afdwinging van enige sodanige boete teen beide die persoon met so 'n belang en die eienaar, of enigeen van hulle, gesamentlik of gesamentlik en afsonderlik.

## HOOFSTUK 6

## DIE REGISTER

**Suid-Afrikaanse Skeepsregister**

**33.** (1) Die Suid-Afrikaanse Skeepsregister word hierby ingestel, waarin alle aangeleenthede ingeskryf moet word wat kragtens hierdie Wet vereis of toegelaat word om in die Register ingeskryf te word.

(2) Die Register kan verdeel word in dele ten einde tussen klasse of beskrywings van skepe te onderskei.

(3) Die Register en afskrifte van die Register of van sodanige deel of dele van die Register as wat die Owerheid bepaal, word bewaar by die Registrasiekantoor of by die takkantore wat die Owerheid mag bepaal.

**Insae in Register**

**34.** Enige persoon kan te enige redelike tyd gedurende die tye wat die Registrasiekantoor of 'n takkantoor, na gelang van die geval, vir sake oop is, insae in die Register hê en is geregtig teen betaling van die toepaslike gelde om van 'n afskrif van of uittreksel uit enige inskrywing in die Register voorsien te word.

**Obsolete or incorrect entries in Register**

**35.** (1) The Registrar may, by notice in writing served on the registered agent or any owner of a ship, require him or her to furnish the Registrar within a period determined in the notice, but not less than 30 days after the date of service of the notice, with the information and documents relating to the ship that are determined in the notice, if—

*(a)* in respect of the particular ship, no entry or amendment of an entry has been made in the Register for the prescribed period; and

*(b)* the Registrar has reason to suspect that—

(i) any particular entered in the Register in respect of that ship, other than particulars relating to a mortgage, are incorrect;

(ii) in respect of that ship, any notice, information or document in respect of which an entry in the Register is required by this Act to be made has not been lodged with the Registrar within the period contemplated in paragraph *(a)*; or

(iii) the ship has been either actually or constructively lost, taken by an enemy, burnt or broken up.

(2) If a person on whom a notice is served in terms of subsection (1)—

*(a)* fails to furnish the Registrar within the period determined in the notice with the information and documents determined in the notice; or

*(b)* furnishes information or documents that in the opinion of the Registrar justify the closure of the registration of the ship or the alteration of any entry made in the Register in respect of that ship,

the Registrar must inform the Authority of that failure or furnish the Authority with that information or those documents, as the case may be.

(3) If the Authority is of the opinion that the failure of a person to comply with a notice served on him or her in terms of subsection (1), or any information or document it was furnished with by the Registrar justifies further action, the Authority may by notice in writing give the Registrar the directions that it deems fit in respect of the closure of the registration of the ship or in respect of any entry or amendment of an entry to be made in the Register.

(4) The Registrar must comply with any direction given in terms of subsection (3) and, where the Authority directs the closure of the registration of the ship—

*(a)* if the Authority states in the direction that it is of the opinion that the ship has been either actually or constructively lost, taken by an enemy, burnt or broken up, the Registrar must make an entry in the Register of that statement, and the registration of the ship must be regarded as closed, except in so far as it relates to any unsatisfied mortgage of the ship; or

*(b)* in any case other than contemplated in paragraph *(a)*, the directions contemplated in subsection (3) must be regarded as a notice in terms of section 42(1)*(b)*, and section 42 is applicable.

**Correction of clerical errors in Register**

**36.** The Registrar may correct or cause to be corrected, without deleting, any clerical error or obvious mistake in the Register.

**Rectification of Register**

**37.** (1) In this section, "court" means any division of the High Court within its area of jurisdiction.

(2) If an entry—

*(a)* is omitted from the Register;

*(b)* is made in the Register without sufficient cause;

*(c)* wrongly exists in the Register; or

*(d)* in the Register contains an error or defect,

whether or not by reason of a decision of an officer, including a decision that the officer was empowered in terms of this Act to make, any interested person or the Registrar may

**Verouderde of onjuiste inskrywings in Register**

**35.** (1) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing beteken op die geregistreerde agent of enige eienaar van 'n skip, van hom of haar vereis om die Registrateur binne 'n tydperk in die kennisgewing bepaal, maar nie minder as 30 dae na die datum van die betekening van die kennisgewing nie, te voorsien van die inligting en dokumente met betrekking tot die skip in die kennisgewing bepaal, indien—

*(a)* in verband met 'n besondere skip, geen inskrywing of wysiging van enige inskrywing vir die voorgeskrewe tydperk in die register gemaak is nie; en

*(b)* die Registrateur rede het om te vermoed dat—

(i) enige besonderheid wat in die Register ten opsigte van daardie skip ingeskryf is, anders as besonderhede met betrekking tot 'n verband, onjuis is;

(ii) ten opsigte van daardie skip, enige kennisgewing, inligting of dokument ten opsigte waarvan inskrywings in die Register deur hierdie Wet vereis word, gemaak moet word, nie binne die tydperk beoog in paragraaf *(a)* by die Registrateur ingedien is nie; of

(iii) die skip óf werklik óf konstruktief verlore gegaan het, dit deur 'n vyand gekaap is, uitgebrand het of opgebreek het.

(2) Indien 'n persoon op wie 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) beteken is—

*(o)* die registrasie, hetsy deur middel van 'n inskrywing in die Register al dan nie, van dokumente en inligting;

*(p)* die bevestiging van inligting en dokumente wat vir die doeleindes van hierdie Wet vereis word;

*(q)* die vereiste kwalifikasies van en ander vereistes in verband met geregistreerde agente;

*(r)* die terughouding of teruggawe deur die Registrateur van dokumente wat in ooreenstemming met hierdie Wet ingedien is;

*(s)* die keuring en verandering van tuishawens vir geregistreerde skepe;

*(t)* die aangeleenthede wat op registrasiesertifikate, voorlopige registrasiesertifikate en tydelike passe aangeteken of geëndosseer moet word;

*(u)* die doen van enige verklaring of die doen van enigiets wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om gemaak of gedoen te word in die naam van en namens 'n persoon wat nie in staat is om so 'n verklaring te doen of iets te doen nie weens minderjarigheid, geestelike gestremdheid of gebrek, of 'n ander oorsaak;

*(v)* die wyse waarop instrumente, kennisgewings en ander dokumente ingevolge hierdie Wet aan persone gegee of op hulle beteken kan word;

*(w)* die betaling van gelde en uitgawes aan persone van wie daar ingevolge hierdie Wet vereis word om voor die Registrateur of ander persone te verskyn en getuienis te lewer of verklarings te doen;

*(x)* die hantering van enige aangeleentheid wat met die Registrasiekantoor verband hou;

*(y)* die verklaring van bepaalde dokumente, of van dokumente wat in bepaalde klasse van dokumente ingesluit is, as dokumente wat vir die doeleindes van artikel 54 as getuienis toelaatbaar is;

*(z)* die vorm van enige instrument, kennisgewing of ander dokument wat vir die doeleindes van hierdie Wet uitgereik, voorsien, ingedien of geregistreer kan of moet word.

(3) Die regulasies kan—

*(a)* voorsiening maak vir verskillende klasse of beskrywings van skepe en vir verskillende omstandighede;

*(b)* sonder om die algemeenheid van paragraaf *(a)* te beperk, voorsiening maak vir die toestaan van vrystellings of vergunnings deur die Owerheid van bepaalde vereistes van die regulasies, onderhewig aan enige voorwaarde wat die Owerheid mag goedvind om op te lê;

*(c)* voorsiening maak vir die registrasie van enige klas of beskrywing van skepe om die toepassing van Bylae 1 uit te sluit en kan die oordrag, oorgang of beswaring van 'n skip of klas skepe aldus uitgesluit, reguleer;

*(d)* die registrasie van enige klas of beskrywing van skepe verbied;

*(e)* die bykomstige of aanvullende voorsiening maak wat die Minister nodig of wenslik ag, met inbegrip van die magtiging van ondersoeke en die verlening van inspeksiebevoegdhede.

(4) 'n Regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig word, kan bepaal dat 'n persoon wat 'n bepaling daarvan oortree of versuim om dit na te kom, skuldig is aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.

**Gelde**

**57.** Die Owerheid kan, vir die doeleindes van hierdie Wet, kragtens artikel 44 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, gelde oplê ten opsigte van—

*(a)* aansoeke ingevolge hierdie Wet;

*(b)* die indiening en registrasie van dokumente of inligting;

*(c)* die registrasie en herregistrasie van skepe;

*(d)* die uitreiking van registrasiesertifikate, voorlopige registrasiesertifikate en tydelike passe en sertifikate in artikel 4(5) beoog;

(e) the supplying of copies of or extracts from entries in the Register or documents forming part of or associated with the Register; and

(f) the inspection of ships.

**Exemption from stamp duty**

**58.** No stamp duty is payable in respect of any document required or issued in terms of this Act.

**Delegation of powers**

**59.** (1) The Registrar may, either generally or subject to conditions, in writing delegate to an officer of the Authority any power vested in him or her by or under this Act.

(2) A power delegated in terms of this section, when exercised by the delegated officer, must be regarded to have been exercised by the Registrar.

(3) A power delegated in terms of this section may not be delegated by the delegated officer.

(4) A delegation in terms of this section does not prevent the exercise of a delegated power by the Registrar.

**Repeal and amendment of laws**

**60.** Subject to section 61—

(a) sections 11 to 16 and 19 to 67 of the Merchant Shipping Act, 1951, are hereby repealed; and

(b) the laws mentioned in Schedule 2 are hereby amended to the extent indicated in the third column thereof.

**Transitional provisions**

**61.** (1) Schedule 3 applies to the transition to this Act after the repeal and amendment of the provisions of the laws referred to in section 60, and any matter incidental to that transition.

(2) In any other law, except a law declared by regulation to be a law to which this section does not apply, or any instrument made or having effect thereunder, unless the context indicates otherwise—

(a) a reference, however expressed, to a ship registered in the Republic or required to be so registered must be regarded as a reference to a registered ship or a ship entitled to be registered, as the case may be, in terms of this Act;

(b) a reference, however expressed, to the certificate of registry of a ship must be regarded as a reference to the registration certificate or provisional registration certificate, as the case may be, of the ship; and

(c) a reference, however expressed, to the port of registry of a ship registered in the Republic must be regarded as a reference to the home port of a registered ship selected or changed in terms of this Act.

**Short title and commencement**

**62.** This Act is called the Ship Registration Act, 1998, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

(e) die voorsiening van afskrifte van of uittreksels uit inskrywings in die Register of dokumente wat deel uitmaak van of verband hou met die Register; en
(f) die inspeksie van skepe.

**Vrystelling van seëlregte**

**58.** Geen seëlregte is betaalbaar nie ten opsigte van enige dokument wat ingevolge hierdie Wet vereis of uitgereik word.

**Delegering van bevoegdhede**

**59.** (1) Die Registrateur kan in die algemeen of onderhewig aan voorwaardes skriftelik enige bevoegdheid wat by of kragtens hierdie Wet by hom of haar berus aan enige beampte van die Owerheid delegeer.

(2) Wanneer 'n bevoegdheid wat ingevolge hierdie artikel gedelegeer is deur 'n gedelegeerde beampte uitgeoefen word, word dit geag dat die bevoegdheid deur die Registrateur uitgeoefen is.

(3) 'n Bevoegdheid wat ingevolge hierdie artikel gedelegeer is, mag nie deur die gedelegeerde beampte gedelegeer word nie.

(4) 'n Delegering ingevolge hierdie artikel verhoed nie die Registrateur om 'n gedelegeerde bevoegdheid uit te oefen nie.

**Herroeping en wysiging van wette**

**60.** Behoudens artikel 61—
(a) word artikels 11 tot en met 16 en 19 tot en met 67 van die Handelskeepvaartwet, 1951, hierby herroep;
(b) word die wette in Bylae 2 vermeld hierby gewysig in die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

**Oorgangsbepalings**

**61.** (1) Bylae 3 is van toepassing op die oorgang na hierdie Wet na die herroeping en wysiging van die bepalings van die wette in artikel 60 vermeld en op enige bykomstige aangeleentheid by daardie oorgang.

(2) In enige ander wet, behalwe 'n wet wat by regulasie verklaar is 'n wet te wees waarop hierdie artikel nie van toepassing is nie of enige instrument wat daarkragtens gemaak is of toepassing vind, behalwe vir sover dit uit die samehang anders blyk—
(a) moet 'n verwysing, hoe ook al uitgedruk, na 'n skip wat in die Republiek geregistreer is of wat aldus geregistreer moet word, beskou word as 'n verwysing na 'n geregistreerde skip of 'n skip wat geregtig is om geregistreer te word, na gelang van die geval, ingevolge hierdie Wet;
(b) moet 'n verwysing, hoe ook al uitgedruk, na die registrasiesertifikaat van 'n skip, beskou word as 'n verwysing na die registrasiesertifikaat, of voorlopige registrasiesertifikaat, na gelang van die geval, van die skip; en
(c) moet 'n verwysing, hoe ook al uitgedruk, na die registrasiehawe van 'n skip wat in die Republiek geregistreer is, beskou word as 'n verwysing na die tuishawe van 'n geregistreerde skip wat uitgesoek of verander is ingevolge hierdie Wet.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**62.** Hierdie Wet heet die Wet op Skeepsregistrasie, 1998, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

## Schedule 1

## PRIVATE LAW PROVISIONS FOR REGISTERED SHIPS

**(Section 31(7))**

**Definitions**

**1.** In this Schedule—

*(a)* "bill of sale" means a bill of sale referred to in item 3; and
*(b)* "ship" means a registered ship.

**General**

**2.** (1) No record of any interest in a ship or in a share in a ship, other than by way of ownership or mortgage, may be made in the Register and, subject to this Act and to any rights and powers appearing in the Register to be vested in any other person, the right of an owner of a ship or of a share in a ship to dispose of the ship or share is not affected by this Act.

(2) Subject to subitem (1), any beneficial interest may be enforced by or against the owner or mortgagee of a ship or of a share in a ship in respect of his or her interest in the ship or share in the same manner as in the case of any other movable property, or as permitted by law.

**Transfer of ship**

**3.** (1) Subject to item 4, a ship or a share in a ship is transferred by registration of a bill of sale made in the prescribed form, unless the transfer will result in the ship ceasing to be entitled to be registered.

(2) The transferee under a bill of sale contemplated in subitem (1) may not be registered as the owner of the ship or share unless—

*(a)* he or she has lodged the prescribed application with the Registrar; and
*(b)* the Registrar is satisfied that the ship continues to be entitled to be registered and that he or she would not refuse to register the ship in terms of this Act.

(3) If an application in terms of subitem (2) is granted by the Registrar, the Registrar must register the bill of sale by entering in the Register the name of the transferee as owner of the ship or share and must endorse on the bill of sale that such entry has been made, with the date and time of entry.

(4) Bills of sale lodged in terms of this item must be registered in the order of their lodgment.

**Transmission by operation of law**

**4.** (1) Where any interest in a ship or a share in a ship is transmitted to a person by any lawful means other than by a transfer in terms of item 3 and the ship continues to be entitled to be registered, that person must make a declaration of transmission in the prescribed form and must lodge that declaration, together with the evidence of the transmission that may be prescribed, with the Registrar within 14 days of that transmission taking place or within the further period that the Registrar may allow in special circumstances.

(2) If the Registrar is satisfied that the ship continues to be entitled to be registered and that he or she would not refuse to register the ship in terms of this Act, the Registrar must thereupon enter in the Register the name of that person as owner of the ship or share.

**Order for sale on transmission where ship ceases to be entitled to be registered**

**5.** (1) Where any interest in a ship or share in a ship is transmitted to a person by any lawful means other than by a transfer in terms of item 3, but as a result thereof the ship is no longer entitled to be registered, the Authority may, on application by or on behalf

## Bylae 1

## PRIVAATREGBEPALINGS VIR GEREGISTREERDE SKEPE

## (Artikel 31(7))

### Woordomskrywing

**1.** In hierdie Bylae beteken—

*(a)* "koopakte" 'n koopakte in item 3 bedoel; en

*(b)* "skip" 'n geregistreerde skip;

### Algemeen

**2.** (1) Geen aantekening van 'n belang in 'n skip of in 'n aandeel in 'n skip, anders as by wyse van eienaarskap of verband, mag in die Register gemaak word nie, en, behoudens hierdie Wet en enige regte en bevoegdhede wat in die Register verskyn wat by enige ander persoon berus, word daar nie deur hierdie Wet op die reg van 'n eienaar van 'n skip of van 'n aandeel in 'n skip om die skip of aandeel te vervreem, inbreuk gemaak nie.

(2) Behoudens subitem (1) kan enige voordelige belang deur of teen die eienaar of verbandhouer van 'n skip of van 'n aandeel in 'n skip ten opsigte van sy of haar belang in die skip of aandeel afgedwing word op dieselfde wyse as in die geval van enige ander roerende eiendom, of soos regtens veroorloof.

### Oordrag van skip

**3.** (1) Behoudens item 4 word 'n skip of 'n aandeel in 'n skip deur die registrasie van 'n koopakte in die voorgeskrewe vorm oorgedra, tensy die oordrag tot gevolg sal hê dat die skip sal ophou om geregtig te wees om geregistreer te word.

(2) Die oordragnemer kragtens 'n koopakte beoog in subitem (1) word nie as die eienaar van die skip of aandeel geregistreer nie tensy—

*(a)* hy of sy die voorgeskrewe aansoek by die Registrateur ingedien het; en

*(b)* die Registrateur oortuig is dat die skip geregtig bly om geregistreer te word en dat hy of sy nie sou weier om die skip ingevolge hierdie Wet te registreer nie.

(3) Indien 'n aansoek ingevolge subitem (2) deur die Registrateur toegestaan word, moet die Registrateur die koopakte registreer deur die naam van die oordragnemer as eienaar van die skip of aandeel in die Register aan te teken en moet op die koopakte endosseer dat sodanige aantekening gemaak is, met die datum en tyd daarvan.

(4) Koopaktes wat ingevolge hierdie item ingedien is, word in die volgorde van indiening geregistreer.

### Oorgang deur regswerking

**4.** (1) Waar 'n skip of 'n aandeel in 'n skip oorgaan op 'n persoon op 'n regmatige wyse anders as deur middel van 'n oordrag ingevolge item 3 en die skip bly geregtig om geregistreer te word, moet daardie persoon 'n oorgangsverklaring in die voorgeskrewe vorm doen en daardie verklaring, tesame met die getuienis van oorgang wat mag voorgeskryf word, by die Registrateur indien binne 14 dae vanaf oorgang of binne sodanige verdere tydperk as wat die Registrateur in besondere gevalle toelaat.

(2) Indien die Registrateur oortuig is dat die skip geregtig bly om geregistreer te word en dat hy of sy nie sou weier om die skip ingevolge hierdie Wet te registreer nie, moet die Registrateur daarop die naam van daardie persoon in die Register as eienaar van die skip of aandeel aanteken.

### Bevel tot verkoping by oorgang waar skip nie langer geregtig is om geregistreer te word nie

**5.** (1) Waar enige belang in 'n skip of in 'n aandeel in 'n skip oorgaan op 'n persoon op 'n regmatige wyse, anders as deur middel van 'n oordrag ingevolge item 3, maar as gevolg waarvan die skip nie langer geregtig is om geregistreer te word nie, kan die Owerheid, by aansoek deur of namens daardie persoon, die verkoop van die eiendom

of that person, order a sale of the property so transmitted and direct that the proceeds of the sale, after deducting the expenses of the sale, be paid to that person.

(2) If an application is made to the Authority in terms of subitem (1), it must cause notice of that application to be published in the *Gazette* and in the newspapers and be served on the persons that it may determine.

(3) A notice contemplated in subitem (2) must be in a form approved by the Authority and must call on all persons who may object to the order being made to lodge their objections in writing with the Authority within the period determined in the notice.

(4) On proof of the publication and service of the notice contemplated in subitem (2), and—

*(a)* if no objection in writing has been lodged with the Authority within the period mentioned in the notice; and

*(b)* if the Authority is satisfied of the legality of the applicant's claim,

it must make the order contemplated in subitem (1).

(5) If an objection in writing is lodged with the Authority within the period determined in the notice or if it is not satisfied of the legality of the applicant's claim, it must refuse to make the order.

(6) If the Authority refuses to make an order contemplated in subitem (1), the applicant may apply to a court for such an order.

(7) The court may require any evidence in support of the application it deems necessary, and may make the order on the terms and conditions it deems fit, or may refuse to make the order.

(8) Any application contemplated in subitem (1) must be made to the Authority within 30 days of the transmission taking place, or within the further period, not exceeding one year, that the Authority may allow, and any application contemplated in subitem (6) must be made to the court within 30 days after the refusal by the Authority to make the order, or within the further period, not exceeding one year, that the court may allow.

(9) A ship or a share in a ship is subject to forfeiture under this Act if—

*(a)* an application is not made within the period allowed in terms of subitem (8); or

*(b)* the court refuses to make the required order.

**Transfer of ship by order of Authority or court**

**6.** (1) Where the Authority or a court orders the sale of any ship or share in a ship in terms of this Act, the order must contain a declaration vesting in a named person the right to transfer the ship or share.

(2) The person contemplated in subitem (1) is entitled to transfer the ship or share in the same manner and to the same extent as if he or she were the registered owner of the ship or share.

(3) The Registrar must deal with any application relating to the transfer of the ship or share made by the person contemplated in subitem (1) as if that person were the registered owner.

**Power of court to prohibit transfer**

**7.** (1) A court may, if it deems it necessary, without prejudice to the exercise of any other power, on the application of any interested person, make an order prohibiting any dealing with a ship or a share in a ship for a determined period.

(2) A court may make the order contemplated in subitem (1) on the terms and conditions it deems fit, or may refuse to make the order.

(3) When a copy of an order contemplated in subitem (1) is served on the Registrar, it is binding on him or her whether or not the Registrar was a party to the proceedings.

**Endorsement of registration certificate on change of ownership**

**8.** (1) Where a ship or a share in a ship is transferred to a person by a bill of sale or

aldus oorgedra, beveel en gelas dat die opbrengs van die verkoping, nadat die uitgawes van die verkoping afgetrek is, aan daardie persoon betaal word.

(2) Indien 'n aansoek ingevolge subitem (1) aan die Owerheid gerig word, moet die Owerheid daardie kennisgewing van die aansoek in die *Staatskoerant* en in die koerante laat publiseer en op die persone laat beteken wat die Owerheid bepaal.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subitem (2) moet in 'n vorm wees deur die Owerheid goedgekeur en moet 'n beroep op alle persone doen wat teen die bevel beswaar mag maak om hulle besware skriftelik binne die tydperk in die kennisgewing bepaal, by die Owerheid in te dien.

(4) By bewys van publikasie en betekening van die kennisgewing beoog in subitem (2), en—

(*a*) indien geen skriftelike beswaar binne die tydperk in die kennisgewing vermeld by die Owerheid ingedien is nie; en

(*b*) indien die Owerheid oortuig is van die geldigheid van die aansoeker se eis,

moet die Owerheid die bevel beoog in subitem (1) maak.

(5) Indien 'n skriftelike beswaar binne die tydperk vermeld in die kennisgewing by die Owerheid ingedien is, of indien die Owerheid nie van die geldigheid van die aansoeker se eis oortuig is nie, moet die Owerheid weier om die bevel te maak.

(6) Indien die Owerheid weier om 'n bevel beoog in subitem (1) te maak, kan die aansoeker by 'n hof om so 'n bevel aansoek doen.

(7) Die hof kan enige getuienis vereis wat dit nodig ag ter stawing van die aansoek, en kan die bevel op enige beding en voorwaarde maak wat dit billik ag, of kan weier om die bevel te maak.

(8) Enige aansoek beoog in subitem (1) moet aan die Owerheid gerig word binne 30 dae nadat oorgang geskied het, of binne die verdere tydperk, van hoogstens een jaar, wat die Owerheid mag toelaat, en enige aansoek beoog in subitem (6) moet aan 'n hof gerig word binne 30 dae na die weiering deur die Owerheid om die bevel te maak, of binne 'n verdere tydperk van hoogstens een jaar, wat die hof mag toelaat.

(9) 'n Skip of 'n aandeel in 'n skip is vatbaar vir verbeurdverklaring ingevolge hierdie Wet indien—

(*a*) 'n aansoek nie binne die tydperk wat ingevolge subitem (8) toegelaat is, gedoen word nie; of

(*b*) die hof weier om die verlangde bevel te maak.

**Oordrag van skip op bevel van Owerheid of hof**

**6.** (1) Waar die Owerheid of 'n hof die verkoop van enige skip of aandeel in 'n skip ingevolge hierdie Wet beveel, moet die bevel 'n verklaring bevat wat in 'n benoemde persoon die reg vestig om die skip of aandeel oor te dra.

(2) Die persoon in subitem (1) beoog, is geregtig om die skip of aandeel op dieselfde wyse en in die dieselfde mate oor te dra asof hy of sy die geregistreerde eienaar van die skip of aandeel is.

(3) Die Registrateur handel met 'n aansoek wat verband hou met die oordrag van die skip of aandeel wat deur die persoon in subitem (1) beoog, gedoen is, asof daardie persoon die geregistreerde eienaar is.

**Bevoegdheid van hof om oordrag te verbied**

**7.** (1) 'n Hof kan, indien die hof dit nodig ag, sonder benadeling van die uitoefening van enige ander bevoegdheid, by aansoek van enige belanghebbende persoon 'n bevel maak wat vir 'n bepaalde tydperk enige handeling in verband met 'n skip of 'n aandeel in 'n skip verbied.

(2) 'n Hof kan die bevel in subitem (1) beoog, maak op enige beding en voorwaarde wat dit goedvind, of kan weier om die bevel te maak.

(3) Wanneer 'n afskrif van 'n bevel beoog in subitem (1) op die Registrateur beteken word, is dit bindend op hom of haar, ongeag of die Registrateur 'n party tot die verrigtinge was, al dan nie.

**Endossering van registrasiesertifikaat by verandering van eiendomsreg**

**8.** (1) Waar 'n skip of 'n aandeel in 'n skip aan 'n persoon by wyse van 'n koopakte

transmitted to a person by any other lawful means, the person who has possession or control of the ship's registration certificate must deliver the certificate to the person to whom the ship or share is transferred or transmitted—

(a) if the ship is at a South African port at the time of the transfer or transmission, within ten days after the transfer or transmission; or

(b) in any other case, as soon as is practicable after the transfer or transmission.

(2) Where a registration certificate is delivered to a person in terms of subitem (1), that person must immediately deliver the certificate to the Registrar.

(3) Where a registration certificate is delivered to the Registrar in terms of subitem (2), the Registrar must, subject to item 3(2) or 4(2), as the case may be—

(a) endorse the registration certificate with the particulars of change of ownership of the ship or share; and

(b) cause the endorsed certificate to be returned to the registered agent of the ship or to the person that the registered agent directs.

**Mortgage of ship**

**9.** (1) A ship or a share in a ship may be mortgaged as security for the discharge of an obligation in terms of this Act.

(2) A mortgage contemplated in subitem (1) is created by the registration of a mortgage instrument made in the prescribed form.

(3) Subject to subitem (4), on lodgment of a prescribed mortgage instrument, the Registrar must register the mortgage instrument by entering its particulars in the Register and must endorse the fact that such entry has been made on the instrument, with the date and time of entry.

(4) The Registrar may not register a subsequent mortgage instrument without the written consent of the existing mortgagees under all prior mortgages of the ship or share in question.

(5) Mortgage instruments lodged in terms of this item must be registered in the order of their lodgment.

**Priority of mortgages**

**10.** Where two or more mortgages are registered in respect of the same ship or share in a ship, the priority among the mortgagees is in accordance with the order of registration of the mortgages.

**Rights of mortgagee**

**11.** (1) The mortgagee under a mortgage of a ship or of a share in a ship may recover any amount due under the mortgage in a court and, when giving judgment or thereafter, the court may direct that the ship or share in question be sold in execution of the judgment.

(2) Subject to subitem (1), the mortgagee under a mortgage of a ship or of a share in a ship is not merely by reason of the mortgage entitled to sell or otherwise dispose of the ship or share.

**Transfer of mortgage**

**12.** (1) A mortgage of a ship or of a share in a ship is transferred by an instrument of transfer made in the prescribed form.

(2) Where a mortgage is transferred as contemplated in subitem (1), the transferee must lodge the instrument of transfer, together with the relative mortgage instrument, with the Registrar within 14 days after execution of the instrument of transfer or within the further period that the Registrar may allow in special circumstances.

(3) The Registrar must enter in the Register the name of the transferee as the mortgagee of the ship or share which is the subject of the mortgage and must endorse the fact that such entry has been made on the instrument of transfer, with the date and time of entry.

(4) A transferee of a mortgage in terms of this Act enjoys the same right of preference that was enjoyed by the transferor.

oorgedra is of op 'n persoon op enige ander regmatige wyse oorgaan, moet die persoon wat die registrasiesertifikaat van die skip besit of beheer daaroor het, die sertifikaat lewer aan die persoon aan wie die skip of aandeel oorgedra is of op wie dit oorgegaan het—

*(a)* indien die skip by 'n Suid-Afrikaanse hawe is ten tyde van die oordrag of oorgang, binne tien dae na die oordrag of oorgang; of

*(b)* in enige ander geval, so gou doenlik na die oordrag of oorgang.

(2) Waar 'n registrasiesertifikaat aan 'n persoon ingevolge subitem (1) gelewer is, moet daardie persoon onverwyld die sertifikaat aan die Registrateur lewer.

(3) Waar 'n registrasiesertifikaat aan die Registrateur ingevolge subitem (2) gelewer is, moet die Registrateur, behoudens item 3(2) of 4(2), na gelang van die geval—

*(a)* die registrasiesertifikaat met die besonderhede van verandering in eienaarskap van die skip of aandeel endosseer; en

*(b)* die geëndosseerde sertifikaat aan die geregistreerde agent van die skip of aan die persoon wat die geregistreerde agent gelas, laat terugbesorg.

**Verhipotekering van skip**

**9.** (1) 'n Skip of 'n aandeel in 'n skip kan by wyse van 'n verband aangewend word as sekerheid vir die nakoming van 'n verpligting ingevolge hierdie Wet.

(2) 'n Verband in subitem (1) beoog, word tot stand gebring deur die registrasie van 'n verbandakte in die voorgeskrewe vorm.

(3) Behoudens subitem (4) moet die Registrateur by die indiening van 'n voorgeskrewe verbandakte die verbandakte registreer deur die besonderhede daarvan in die Register in te skryf, en op die verbandakte endosseer dat sodanige inskrywing gedoen is, met die datum en tyd daarvan.

(4) Die Registrateur registreer nie 'n daaropvolgende verbandakte sonder die skriftelike toestemming van die bestaande verbandhouers kragtens alle voorafgaande verbande oor die betrokke skip of aandeel nie.

(5) Verbandaktes wat ingevolge hierdie item ingedien word, word in die volgorde van indiening geregistreer.

**Voorrang van verbande**

**10.** Waar twee of meer verbande ten opsigte van dieselfde skip of aandeel in 'n skip geregistreer word, is die voorkeur tussen die verbandhouers in ooreenstemming met die volgorde van registrasie van die verbande.

**Regte van verbandhouer**

**11.** (1) Die verbandhouer kragtens 'n verband oor 'n skip of oor 'n aandeel in 'n skip kan enige bedrag verskuldig kragtens die verband in 'n hof verhaal, en, wanneer die hof uitspraak gee of daarna, kan die hof beveel dat die betrokke skip of aandeel in eksekusie van die bevel verkoop word.

(2) Behoudens subitem (1) is 'n verbandhouer kragtens 'n verband oor 'n skip of oor 'n aandeel in 'n skip nie bloot op grond van die verband geregtig om die skip of aandeel te verkoop of andersins te vervreem nie.

**Oordrag van verband**

**12.** (1) 'n Verband oor 'n skip of oor 'n aandeel in 'n skip word deur 'n akte van oordrag in die voorgeskrewe vorm oorgedra.

(2) Waar 'n verband oorgedra word soos in subitem (1) beoog, moet die oordragnemer die akte van oordrag, tesame met die betrokke verbandakte, by die Registrateur indien binne 14 dae na verlyding van die akte van oordrag of binne die verdere tydperk wat die Registrateur in besondere gevalle mag toelaat.

(3) Die Registrateur moet die naam van die oordragnemer as die verbandhouer van die skip of aandeel wat aan die verband onderhewig is in die Register inskryf, en moet op die oordragakte endosseer dat daardie inskrywing gemaak is, met die datum en tyd daarvan.

(4) Die oordragnemer van 'n verband ingevolge hierdie Wet geniet dieselfde voorkeurreg as wat die oordraggewer geniet het.

**Transmission of mortgage by operation of law**

**13.** (1) Where the interest of a mortgagee in a mortgage of a ship or of a share in a ship is transmitted to a person by any lawful means other than by a transfer in terms of item 12, that person must make a declaration of transmission in the prescribed form and must lodge that declaration, together with the evidence of the transmission that may be prescribed, with the Registrar within 14 days of that transmission taking place or within the further period that the Registrar may allow in special circumstances.

(2) The Registrar must enter in the Register the name of the person contemplated in subitem (1) as mortgagee of the ship or share.

**Discharge of mortgage**

**14.** (1) In this item, "mortgagor", in relation to a ship or a share in a ship, includes any person in whom, having regard to any intervening act and circumstances, the interest of the mortgagee would have been vested had the mortgage not been made.

(2) Where a mortgage is discharged, the mortgagor must lodge the mortgage instrument, together with the evidence of the discharge of the mortgage that may be prescribed, with the Registrar within 14 days after the discharge or within the further period that the Registrar may allow in special circumstances.

(3) The Registrar must make an entry in the Register to the effect that the mortgage has been discharged and, on that entry being made, any interest of the mortgagee under the mortgage vests in the mortgagor.

(4) Where the mortgage instrument cannot, for any reason, be lodged with the Registrar, the mortgagor must make and lodge with the Registrar a declaration setting out the particulars relating to the ship in respect of which the mortgage was given, the mortgage and its discharge and the particulars that may be prescribed for the purposes of this item.

### Oorgang van verband deur regswerking

**13.** (1) Waar die belang van 'n verbandhouer in 'n verband oor 'n skip of oor 'n aandeel in 'n skip oorgaan op 'n persoon op 'n regmatige wyse anders as deur middel van 'n oordrag ingevolge item 12, moet daardie persoon 'n oorgangsverklaring in die voorgeskrewe vorm doen en daardie verklaring tesame met die getuienis van die oorgang wat voorgeskryf mag word, by die Registrateur indien binne 14 dae vanaf daardie oorgang of binne die verdere tydperk wat die Registrateur in besondere gevalle mag toelaat.

(2) Die Registrateur skryf in die Register die naam in van die persoon beoog in subitem (1) as die verbandhouer van die skip of aandeel.

### Aflos van verband

**14.** (1) In hierdie item beteken "verbandgewer", met betrekking tot 'n skip of 'n aandeel in 'n skip, ook enige persoon in wie, met inagneming van enige tussentredende handeling en omstandighede, die belang van die verbandhouer gevestig sou gewees het indien die verband nie verly was nie.

(2) Waar 'n verband afgelos word, moet die verbandgewer die verbandakte, tesame met die getuienis van die aflos van die verband wat voorgeskryf word, by die Registrateur indien binne 14 dae na aflossing of binne die verdere tydperk wat die Registrateur in besondere gevalle mag toelaat.

(3) Die Registrateur moet 'n inskrywing in die Register maak dat die verband afgelos is en, sodra 'n inskrywing aldus gemaak is, vestig enige belang van die verbandhouer in die verbandgewer.

(4) Waar die verbandakte om enige rede nie by die Registrateur ingedien kan word nie, moet die verbandgewer 'n verklaring maak en by die Registrateur indien, waarin die besonderhede met betrekking tot die skip ten opsigte waarvan die verband gegee was, die verband en die aflossing daarvan en die besonderhede wat vir die doeleindes van hierdie item voorgeskryf mag word, uiteengesit word.

## Schedule 2

## AMENDMENT OF LAWS
**(Section 60*(b)*)**

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment |
|---|---|---|
| Act No. 57 of 1951 | Merchant Shipping Act, 1951 | **1.** Amendment of section 2—<br>*(a)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "goods" of the following definition:<br>" 'High Court' means any division of the High Court of the Republic;";<br>*(b)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "international voyage" of the following definition:<br>" 'licence', in relation to a ship, means a licence contemplated in section 68; and 'licensed' shall be construed accordingly;";<br>*(c)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "owner" of the following definition:<br>" 'owner' means any person to whom a ship or a share in a ship belongs, except as provided otherwise by regulation;";<br>*(d)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "port of registry" of the following definition:<br>" 'port of registry', in relation to a ship, means its home port as selected or changed in accordance with the Ship Registration Act, 1998;";<br>*(e)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "recognized non-South African" of the following definition:<br>" 'registered', in relation to a ship (except with reference to the law of another country), means registered or deemed to be or regarded as registered under the Ship Registration Act, 1998;";<br>*(f)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "register tons" and "register tonnage" of the following definition:<br>" 'register tons' and 'register tonnage' mean, in relation to a South African ship, either the gross or net tonnage of the ship, as the case may be, recorded in the register established by section ***[fifteen]*** 33 of the Ship Registration Act, 1998, and in the case of any other ship, the tonnage accepted or determined by the Minister, Authority or proper officer;";<br>*(g)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "South African ship" of the following definition:<br>" 'South African ship' means a ship registered in the Republic **[in terms of this Act or deemed to be so registered]**;";<br>*(h)* by the deletion in subsection (1) of the definition of "superior court"; and |

## Bylae 2

## WYSIGING VAN WETTE
**(Artikel 60*(b)*)**

| No. en jaar van wet | Kort titel | In watter mate herroep |
|---|---|---|
| Wet No. 57 van 1951 | Handelskeepvaartwet, 1951 | **1.** Wysiging van artikel 2—<br>*(a)* deur die omskrywing van "eienaar" in subartikel (1) deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" 'eienaar' iemand aan wie 'n skip of 'n aandeel in 'n skip behoort, behalwe soos by regulasie anders bepaal;";<br>*(b)* deur die invoeging in subartikel (1) na die omskrywing van "geneesheer" van die volgende omskrywing:<br>" 'geregistreer', met betrekking tot 'n skip (behalwe waar verwys word na die reg van 'n ander land), geregistreer of geag geregistreer te wees kragtens die Wet op Skeepsregistrasie, 1998;";<br>*(c)* deur die omskrywing van "hoër hof" in subartikel (1) deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" 'Hoë Hof' 'n afdeling van die Hoë Hof van die Republiek;";<br>*(d)* deur die invoeging in subartikel (1) na die omskrywing van "leerling-offisier" van die volgende omskrywing:<br>" 'lisensie', met betrekking tot 'n skip, 'n lisensie beoog in artikel 68; en word "gelisensieer" dienooreenkomstig uitgelê;";<br>*(e)* deur die omskrywing van "opnemer" in subartikel (1) deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" 'opnemer' 'n persoon wat kragtens artikel 4*(b)* erken of aangestel is **[of 'n gekwalifiseerde persoon wat as opnemer werksaam is by 'n organisasie genoem in 'n kragtens artikel 4*(d)* uitgereikte delegasie-akte]**;";<br>*(f)* deur die omskrywing van "registerton" en "registertonnemaat" in subartikel (1) deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" 'registerton' en 'registertonnemaat', ten opsigte van 'n Suid-Afrikaanse skip, die tonnemaat van die skip, óf bruto óf netto, na gelang van die geval, wat aangeteken staan in die register vermeld in artikel **[vyftien]** 33 van die Wet op Skeepsregistrasie, 1998; en ten opsigte van 'n ander skip, die tonnemaat wat deur die Minister, Owerheid of bevoegde beampte aanvaar of vasgestel is;"; en<br>*(g)* deur die omskrywing van "registrasiehawe" in subartikel (1) deur die volgende omskrywing te vervang:<br>" 'registrasiehawe' , met betrekking tot 'n skip, sy tuishawe soos bepaal of verander ooreenkomstig die Wet op Skeepsregistrasie, 1998;";<br>*(h)* deur die omskrywing van "Suid-Afrikaanse skip" in subartikel (1) deur die volgende omskrywing te vervang: |

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment |
|---|---|---|
| | | *(i)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "surveyor" of the following definition:<br>" 'surveyor' means any person recognized or appointed in terms of section 4*(b)* **[or any qualified person employed as a surveyor by an organization referred to in an instrument of delegation issued under section 4*(d)*]**;".<br>**2.** Amendment of section 3—<br>*(a)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:<br>"(4) Unless otherwise indicated, those provisions of this Act which apply to vessels which are registered or licensed in the Republic or which in terms of this Act are required to be so **[registered or]** licensed shall so apply wherever such vessels may be."; and<br>*(b)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:<br>"(7) Except as provided otherwise by regulation, the provisions of this Act shall apply to any vessel **[or ship]** contemplated in section 68(3)*(b)* as if such vessel **[or ship]** were licensed in terms of this Act.".<br>**3.** Substitution for section 4 of the following section:<br>**"Powers of Authority**<br>**4.** The Authority may—<br>*(a)* appoint such officers as it considers necessary for the administration of this Act;<br>*(b)* recognize or appoint as a ship surveyor, engineer surveyor or radio or other surveyor any qualified person whom it deems fit to act as such for the purposes of this Act;<br>*(c)* subject to such conditions as may be determined by it, and with the concurrence of the Minister, exempt any person from any of or all the provisions of the regulations made under section 356.".<br>**4.** Amendment of section 10 by the substitution for subsection (1) of the following subsection:<br>"(1) Every person who at the coming into operation of this section is building, or after such coming into operation intends to build, a vessel which when completed will be **[required to be]** registered or licensed in **[terms of this Act]** the Republic, shall within sixty days of such coming into operation or before beginning to build the vessel, as the case may be, furnish to the proper officer at the port where the vessel will be registered or licensed or to the Authority such written particulars of the vessel as may be prescribed.".<br>**5.** Substitution for section 17 of the following section: |

| No. en jaar van wet | Kort titel | In watter mate herroep |
|---|---|---|
| | | " 'Suid-Afrikaanse skip' 'n skip **[kragtens hierdie Wet]** wat in die Republiek geregistreer **[of geag aldus geregistreer te wees]** is;".<br>**2.** Wysiging van artikel 3—<br>*(a)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(4) Daardie bepalings van hierdie Wet wat geld vir vaartuie wat in die Republiek geregistreer of gelisensieer is, of wat ingevolge hierdie Wet aldus **[geregistreer of]** gelisensieer moet wees, geld aldus, tensy anders aangedui word, waar sodanige vaartuie hulle ook mag bevind."; en<br>*(b)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(7) Behalwe soos by regulasie anders bepaal, is die bepalings van hierdie Wet **[is]** van toepassing op 'n vaartuig **[of skip]** bedoel in artikel 68(3)*(b)* asof die vaartuig **[of skip]** ingevolge hierdie Wet gelisensieer is.".<br>**3.** Vervanging van artikel 4 deur die volgende artikel:<br>**"Bevoegdhede van Owerheid**<br>**4.** Die Owerheid kan—<br>*(a)* die beamptes aanstel wat hy nodig ag vir die uitvoering van hierdie Wet;<br>*(b)* 'n gekwalifiseerde persoon wat hy bevoeg ag om as sodanig vir die doeleindes van hierdie Wet op te tree, erken of aanstel as 'n skeepsopnemer, ingenieuropnemer of radio- of ander opnemer;<br>*(c)* behoudens die voorwaardes wat hy bepaal, en met die toestemming van die Minister, enigiemand van enige van of al die bepalings van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 356 vrystel.".<br>**4.** Wysiging van artikel 10 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(1) Elke persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie artikel besig is, of wat na sodanige inwerkingtreding van voorneme is, om 'n vaartuig te bou wat by voltooiing **[kragtens hierdie Wet]** in die Republiek geregistreer of gelisensieer **[moet]** staan te word, verstrek binne sestig dae na sodanige inwerkingtreding of voordat begin word met die bou van die vaartuig, al na die geval, aan die bevoegde beampte by die hawe waar die vaartuig geregistreer of gelisensieer sal word of aan die Owerheid, sodanige skriftelike besonderhede van die vaartuig as wat voorgeskryf is.".<br>**5.** Vervanging van artikel 17 deur die volgende artikel: |

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment |
|---|---|---|
| | | **"Tonnage once ascertained to be tonnage of ship**<br><br>**17.** Whenever the tonnage of a ship has been ascertained and **[registered]** recorded in accordance with this Act, that tonnage shall **[thenceforth]** be **[deemed to be]** the tonnage of the ship **[and shall be repeated in every subsequent registry thereof]** unless any alteration is made in the form or capacity of the ship, or unless it is discovered that the tonnage of the ship has been erroneously computed, in either of which cases the ship shall be resurveyed, and her tonnage redetermined in accordance with this Act.".<br>**6.** Amendment of section 18 by the substitution for subsection (4) of the following subsection:<br>"(4) If from the report of a surveyor so directed to inspect a ship it appears to the Authority that the tonnage of that ship, as so denoted, materially differs from that which would be her tonnage if measured under this Act or that her construction and equipment as regards the said space do not, for the purpose of determining her tonnage conform to the said standards, or if for any reason it appears to the Authority that the tonnage of any ship so registered has been erroneously computed, it may order that, notwithstanding any direction for the time being in force under this section, that ship or any ship registered in the country to which the direction relates shall, for all or any of the purposes of this Act or the Ship Registration Act, 1998, be surveyed in accordance with this Act.".<br>**7.** Substitution for section 68 of the following section:<br><br>**"Certain vessels to be licensed**<br><br>**68.** (1) The owner or the master of a vessel which is not registered in the Republic or elsewhere and which operates at or from a port in or from anywhere else on the coast of the Republic, shall be in possession of a licence issued to him in terms of this Act by a proper officer.<br>(2) An application for a licence in terms of subsection (1) shall be made in the prescribed form and the owner or master shall produce to the proper officer a local general safety certificate and, where applicable, a local safety exemption certificate.<br>(3) The provisions of this section shall not apply in respect of any vessel—<br>*(a)* unless the vessel is entitled to be registered in the Republic in terms of section 16*(a)* or *(b)* of the Ship Registration Act, 1998; or<br>*(b)* of less than 100 gross tons used solely for sport or recreation.". |

| No. en jaar van wet | Kort titel | In watter mate herroep |
|---|---|---|
| | | **"Tonnemaat wat eenmaal bepaal is, is tonnemaat van skip**<br><br>**17.** Wanneer die tonnemaat van 'n skip ooreenkomstig hierdie Wet bepaal en **[geregistreer]** genotuleer is, word daardie tonnemaat **[voortaan geag]** die tonnemaat van die skip **[te wees en word dit by elke daaropvolgende registrasie daarvan herhaal]** tensy 'n verandering in die vorm of draagkrag van die skip gemaak is, of tensy ontdek word dat die tonnemaat van die skip foutief bereken is, en in albei gevalle word die skip opnuut opgemeet, en sy tonnemaat opnuut ooreenkomstig hierdie Wet vasgestel.".<br>**6.** Wysiging van artikel 18 deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(4) As dit vir die Owerheid uit die verslag van 'n opnemer wat aldus gelas is om 'n skip te inspekteer, blyk dat daardie skip se tonnemaat wat aldus aangegee is, wesentlik verskil van wat sy tonnemaat sou gewees het as dit kragtens hierdie Wet opgemeet was, of dat sy konstruksie en uitrusting betreffende genoemde ruimte vir die bepaling van sy tonnemaat nie aan genoemde standaarde voldoen nie, of as dit om enige rede vir die Owerheid blyk dat die tonnemaat van 'n skip wat aldus geregistreer is, foutief bereken is, kan hy beveel dat ondanks enige opdrag kragtens hierdie artikel wat dan van krag is, daardie skip of enige skip wat in die land geregistreer is waarop die opdrag betrekking het, vir alle of enige doeleindes van hierdie Wet of die Wet op Skeepsregistrasie, 1998, ooreenkomstig hierdie Wet opgeneem moet word.".<br>**7.** Vervanging van artikel 68 deur die volgende artikel:<br><br>**"Sekere vaartuie moet gelisensieer word**<br><br>**68.** (1) Die eienaar of gesagvoerder van 'n vaartuig wat nie in die Republiek of elders geregistreer is nie, en by of vanuit 'n hawe in of vanaf enige ander plek aan die kus van die Republiek gebruik word, moet in besit wees van 'n lisensie ingevolge hierdie Wet deur 'n bevoegde beampte aan hom uitgereik.<br>(2) 'n Aansoek om 'n lisensie ingevolge subartikel (1) word in die voorgeskrewe vorm gemaak en die eienaar of gesagvoerder lê aan die bevoegde beampte 'n plaaslike algemene veiligheidsertifikaat en, waar van toepassing, 'n plaaslike veiligheidsvrystellingsertifikaat voor.<br>(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie op 'n vaartuig van toepassing nie—<br>*(a)* tensy die vaartuig ingevolge artikel 16*(a)* of *(b)* van die Wet op Skeepsregistrasie, 1998, geregtig is om in die Republiek geregistreer te wees; of<br>*(b)* van minder as 100 ton bruto tonnemaat, wat uitsluitlik vir sport of ontspanning gebruik word.". |

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment |
|---|---|---|
